

Studiebrief 101/3/2013

Beginsels van Bestuursrekeningkunde MAC2601

Semesters 1 EN 2

Departement Bestuursrekeningkunde

BELANGRIKE INLIGTING:

Hierdie studiebrief bevat belangrike inligting
oor die module.

BAR CODE

INHOUD

Bladsy

1	INLEIDING.....	3
2	DOEL EN UITKOMSTES VAN DIE MODULE	5
2.1	Doel	5
2.2	Spesifieke uitkomstes	5
3	DOSENTE EN KONTAKBESONDERHEDE.....	5
3.1	Dosente	5
3.2	Departement.....	6
3.3	Universiteit.....	6
4	HULPBRONNE VIR DIE MODULE.....	6
4.1	Voorgeskrewe studiemateriaal	6
4.2	Boeke aanbeveel	7
4.3	Elektroniese Reserwes (e-Reserwes)	7
5	STUDENTEHULPDIENTE VIR DIE MODULE.....	7
6	STUDIEPLAN VIR DIE MODULE	8
7	MODULE PRAKTIESE WERK EN WERKGEÏNTEGREERDE STUDIE	9
8	ASSESSERING	9
8.1	Assesseringsplan.....	9
8.2	Algemene werkopdragnommers	12
8.2.1	Unieke werkopdragnommers	12
8.2.2	Indieningsdatums vir werkopdragte.....	13
8.3	Indiening van werkopdragte	13
8.4	Werkopdragte	15
9	ANDER ASSESSERINGSMETODES.....	67
10	EKSAMEN.....	67
11	VRAE WAT GEREELD GEVRA WORD	67
12	BRONNE GERAADPLEEG.....	68
13	SLOT	68
14	BYLAAG.....	68

1 INLEIDING

Geagte Student

Dit is vir ons 'n groot plesier om u as 'n MAC2601-student in die Departement Bestuursrekeningkunde te verwelkom. Ons, as dosente, is tot u beskikking en sal u met graagte help in u studies.

Indien u spesifieke probleme met u studies ondervind, moet asseblief nie huiwer om met u dosente kontak te maak nie. Indien u een van u dosente persoonlik wil sien, maak asseblief 'n afspraak.

Algemene oorsig

In hierdie module word u aan die beginsels van bestuursrekeningkunde bekendgestel.

Hierdie module word in vier afsonderlike dele verdeel, wat elkeen een of meer onderwerpe bevat. In totaal is daar twaalf onderwerpe en hierdie onderwerpe word verdeel in twee studiegids: Studiegids 1 vir Onderwerpe 1 – 8, en Studiegids 2 vir Onderwerpe 9 – 12.

U sal ook gedurende die semester 'n aantal studiebriefe ontvang. 'n Studiebrief is ons manier om met u te kommunikeer oor onderrig, studie en assessering.

U moet u studiegids en studiebriefe nie weggooi wanneer u hierdie module geslaag het nie. U mag daarna moet terugverwys in u MAC3701- en MAC4861-studies, aangesien die beginsels wat in MAC2601 gedek is, nie herhaal sal word nie! Dit sal aangeneem word dat u al die leeruitkomste soos gespesifiseer in die studiegids, bereik het.

Sommige van u studiemateriaal was moontlik nie beskikbaar toe u geregistreer het nie. Studiemateriaal wat nie beskikbaar was nie, sal so gou as moontlik aan u gepos word, maar is ook op myUnisa beskikbaar.

Maak asseblief gebruik van **myUnisa** (<https://my.unisa.ac.za>), aangesien dit u studiegids, studiebriefe soos wat dit beskikbaar gestel word, asook verdere hulpbronne bevat wat u sal help om hierdie module te bemeester. Die volgende is voorbeelde van hulpbronne wat beskikbaar is op **myUnisa**:

- Studiegids 1 en Studiegids 2 vir MAC2601
- Verskeie studiebriefe uitgereik gedurende die semester
- Besprekingsforum
- Aankondigings

myUnisa en die internet vervul 'n belangrike rol in hierdie module. Om op **myUnisa** geregistreer te wees, stel u in staat om werkopdragte in te dien, toegang tot die Biblioteekfunksies en verskeie leerhulpbronne te verkry, met u dosente en medestudente oor u studies en die uitdagings wat u teëkom, te “klets”, studiemateriaal af te laai en deel te neem aan die aanlyn besprekingsforums. **myUnisa** bied u addisionele geleenthede om aan aktiwiteite en besprekings relevant tot u module-onderwerpe, werkopdragte, punte en eksamens deel te neem.

Studiebrief 101

Hierdie studiebrief bevat belangrike inligting aangaande die werkskema, hulpbronne en werkopdragte vir hierdie module. Lees dit asseblief noukeurig deur en hou dit byderhand wanneer u deur die studiemateriaal werk, die werkopdragte doen, vir die eksamen voorberei en vrae aan u dosente rig.

Lees asseblief Studiebrief 301 saam met hierdie studiebrief, aangesien dit vir u 'n idee gee van inligting wat oor die algemeen belangrik is wanneer u in 'n Oop- en Afstandslêer- (in Engels bekend as "ODL"-) omgewing studeer, binne die Skool vir Rekeningkundige Wetenskappe.

In hierdie studiebrief (101) sal u ook die werkopdragte wat u moet indien, vind, sowel as 'n aantal instruksies oor die opstel en indiening van die werkopdragte. Dit verskaf ook inligting ten opsigte van die voorgeskrewe studiemateriaal en ander hulpbronne vir hierdie module. Bestudeer hierdie inligting asseblief noukeurig en maak seker dat u die voorgeskrewe materiaal so gou as moontlik bekom.

Ons het ook sekere algemene en administratiewe inligting oor hierdie module ingesluit.

Ons wil reg van die begin af vir u daarop wys dat u die studiegids as u primêre verwysing moet gebruik, maar dat dit ook baie belangrik is om al die studiebriefe en aankondigings gedurende die semester onmiddellik en noukeurig te bestudeer soos hulle beskikbaar gestel word, aangesien hulle belangrike, nuttige en/of dringende inligting bevat.

Ten spyte van die omvattende maatreëls wat toegepas is om studiegidse, studiebriefe, werkopdragte en oplossings wat verstaanbaar en foutvry is, te lewer, is dit moontlik dat weglatings en foute mag voorkom. Indien u sulke gevalle, of konsepte wat nie duidelik omskryf is nie, sou teëkom, stel ons asseblief in kennis sodat ons die nodige wysigings kan aanbring.

Neem kennis dat daar DRIE (3) verpligte werkopdragte is.

Werkopdrag 01 gee u toelating tot die eksamen.

Ons vertrou dat u sal voordeel trek uit alles wat hierdie module u bied.

RK Nzhangwa (Mnr.) Moduleleier	Y Reyneke (Mev.)	JM Verster (Mev.)
---	-------------------------	--------------------------

2 DOEL EN UITKOMSTES VAN DIE MODULE

2.1 Doel

In hierdie module word die student aan die beginsels van bestuursrekeningkunde bekendgestel.

Hierdie module is bedoel vir mense wat belangstel om as geregistreerde geoktrooieerde rekenmeesters (SAIGR - Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters, in Engels bekend as "SAICA") of bestuursrekenmeesters (CIMA - Chartered Institute of Management Accountants) te kwalifiseer, wat vereis dat hulle sekere bevoegdhede ontwikkel.

Die doel van hierdie module is:

- om studente te voorsien van basiese kennis van die klassifikasie en gedrag van koste, kosteontleding, kosteskatting, kostevoorwerpe en stelsels vir kostebestuursrekeningkunde;
- om studente in staat te stel om beplannings-, begrotings- en beheertegnieke te verstaan en toe te pas; en
- om studente in staat te stel om te begryp hoe finansiële en ander data ontleed word om inligting vir besluitneming te verstrek.

2.2 Spesifieke uitkomstes

Na studie en voltooiing van hierdie module, behoort u tot die volgende in staat te wees:

- Voorraad te waardeer met behulp van basiese tegnieke
- Voorraad te waardeer met behulp van meer gevorderde tegnieke
- Prestasie te kan beplan, begroot en te beheer
- Om relevante finansiële inligting te kan identifiseer en toe te pas sodat korttermynbesluite geneem kan word.

3 DOSENTE EN KONTAKBESONDERHEDE

3.1 Dosente

Naam	Telefoonnommer	Kantoornommer	E-pos
RK Nzginga (Mnr.)	(012) 429-6937	AJH1 – 49	<u>1^{ste} semester:</u> MAC2601-13-S1@unisa.ac.za
JM Verster (Mev.)	(012) 429-4767	AJH1 – 50	<u>2^{de} semester:</u> MAC2601-13-S2@unisa.ac.za
Y Reyneke (Mev.)	(012) 429-4046	AJH1 – 52	

Faksnommers is ook beskikbaar op aanvraag.

3.2 Departement

Die Departement Bestuursrekeningkunde is geleë op die eerste vloer van die AJH van der Walt Gebou op die Muckleneuk Kampus.

Kontak asseblief die dosente (sien 3.1 hierbo) indien u kontakbesonderhede van ander persone in die Departement verlang.

3.3 Universiteit

U sal algemene Unisa-kontakbesonderhede in u **my Studies @ Unisa**-brosjure vind. Vir u gerief het ons sommige kontakbesonderhede hieronder ingesluit:

Webblad: <http://www.unisa.ac.za> of Mobi: <http://mobi.unisa.ac.za>

E-posadresse en SMS-nommers:

E-posadresse	SMS-nommers	Om navraag te doen oor:
study-info@unisa.ac.za	43578	Aansoeke en registrasies
assign@unisa.ac.za	43584	Werkopdragte (nie vir indieningsdoeleindes nie)
exams@unisa.ac.za	43584	Eksamens
despatch@unisa.ac.za	43579	Studiemateriaal
finan@unisa.ac.za	31954	Studenterekeninge
gaudeamus@unisa.ac.za	n/a	Gradeplegtighede
myUnisaHelp@unisa.ac.za	43582	myUnisa
myLifeHelp@unisa.ac.za	43582	myLife e-posrekeninge

Fisiese en posadres van Unisa:

Universiteit van Suid-Afrika; Posbus 392; UNISA, 0003.

Prellerstraat

Muckleneuk

Pretoria

Stad van Tshwane

Hou u studentenommer en modulekode altyd byderhand wanneer u die Universiteit kontak!!!

4 HULPBRONNE VIR DIE MODULE

4.1 Voorgeskrewe studiemateriaal

Die voorgeskrewe studiemateriaal vir hierdie module is:

- Studiegids 1 en 2 vir MAC2601
- Verskeie studiebriefe gedurende die semester uitgereik

LET WEL: U dosente kan u nie met ontbrekende studiemateriaal help nie. Kontak asseblief despatch@unisa.ac.za of stuur 'n sms aan 43579 vir studiemateriaal-navrae. Al die leerstof vir MAC2601 is beskikbaar om afgelaai te word op myUnisa. U sal dus vroeg in die semester reeds met u studies kan begin.

Maak asseblief gebruik van **myUnisa** (<https://my.unisa.ac.za>), aangesien dit hulpbronne bevat wat u kan help om hierdie module te bemeester. Die volgende is voorbeelde van hulpbronne wat op **myUnisa** beskikbaar is:

- U studiegidse 1 en 2 vir MAC2601
- Verskeie studiebriefe gedurende die semester uitgereik
- Besprekingsforum waar probleemareas bespreek word
- Aankondigings
- Ander hulpbronne

Hierdie module het twee omvattende studiegidse en dus is geen handboek voorgeskryf nie.

4.2 Boeke aanbeveel

Daar is geen aanbevole boeke vir hierdie kursus nie, maar u kan gebruik maak van die bibliografie aan die einde van die studiegids vir bykomende hulpbronne indien u vir selfverryking meer oor spesifieke onderwerpe wil lees.

4.3 Elektroniese Reserwes (e-Reserwes)

Daar is geen e-Reserwes vir hierdie module nie.

5 STUDENTEHULPDIENSTE VIR DIE MODULE

Verwys asseblief na die publikasie **myStudies @ Unisa**, wat u saam met u studiemateriaal ontvang het, vir inligting omtrent die verskeie studentehulpsisteme en -dienste beskikbaar by Unisa (bv. studenteberading, tutoriale klasse en taalondersteuning).

5.1 Kontak met medestudente

5.1.1 Studiegroepe

Dit word aanbeveel dat u kontak maak met medestudente. Een manier waarop dit gedoen kan word, is om studiegroepe te vorm. Adresse van studente in u area kan van die volgende departement verkry word:

Direktoraat: Studente-administrasie en -registrasie
 Posbus 392
 UNISA
 0003

5.1.2 myUnisa

U kan vinnig toegang verkry tot hulpbronne en inligting by die Universiteit indien u toegang het tot 'n rekenaar wat gekoppel is aan die internet. Die **myUnisa** leerbestuurstelsel is Unisa se aanlynkampus wat u sal help om met dosente, ander studente sowel as die administratiewe departemente van Unisa te kommunikeer – alles deur middel van die gebruik van 'n rekenaar en die internet.

Om na die **myUnisa**-webblad te gaan, begin by die hoofwebblad van Unisa, <http://www.unisa.ac.za>, en klik dan op die "Login to **myUnisa**"-skakel aan die regterkant van die skerm. Dit behoort u na die **myUnisa**-webblad te neem. U kan ook direkte toegang daartoe verkry deur <http://my.unisa.ac.za> in te tik.

Vir meer inligting oor **myUnisa**, raadpleeg asseblief die publikasie **my Studies @ Unisa** wat u saam met u studiemateriaal ontvang het.

LET WEL: Al die MAC2601-leerstof is op myUnisa beskikbaar om afgelaai te word. MAC2601-dosente pos gereeld belangrike inligting op myUnisa in die vorm van Aankondigings.

5.1.3 Besprekingsklasse

Groepsbesprekingsklasse sal moontlik gehou word op voorafbepaalde plekke gedurende elke semester, onderhewig aan voldoende hulpbronne en studentegetalle by sentrums.

U sal gedurende die semester in kennis gestel word van die datums, tye en plekke van hierdie besprekingsklasse.

6 STUDIEPLAN VIR DIE MODULE

Ons raai u aan om, met die aanvang van u studies, 'n skedule op te stel wat tyd aan elke studie-eenheid toedeel en ook genoeg tyd toelaat vir hersiening nader aan die eksamen.

U benodig **ten minste 120 ure** om **al** die leerstof te lees, te oefen en te bestudeer, om u werkopdragte te doen en vir die eksamen voor te berei (sien skedule hieronder). Indien u na die inleiding van die module gaan in u Studiegids 1, sal u nuttige aanbevelings vind vir die bestudering van 'n nuwe onderwerp.

Gebruik u **myStudies @ Unisa** brosjure vir algemene tydsbestuur- en beplanningsvaardighede.

Studieprogramriglyn (neem asseblief kennis dat hierdie slegs 'n voorgestelde tydstoedeling is!)

Deel	Onderwerpnr.	Onderwerp	Ure
1	1	Kostebegrippe en -skatting	11
	2	Verantwoording van grondstof, arbeid en bokoste	15
	3	Die EIEU- en die Geweegdegemiddelde-metode	3
	4	Absorpsie- teenoor direkte kosteberekening	6
2	5	AGK-kosteberekening	5
	6	Taakkosteberekening	2
	7	Die proseskostestelsel	19
	8	Gesamentlike en neweprodukte	6
3	9	Begrotingstegnieke	5
	10	Standaardkosteberekening	11
4	11	Relevante kosteberekening	9
	12	Sensitiwiteitsontleding	6
Werkopdragte (verwys na afdeling 8 hieronder)			20
Eksamen			2
Geraamde totale aantal ure			120

7 MODULE PRAKTIESE WERK EN WERKGEÏNTEGREERDE STUDIE

Daar is geen praktiese werk in hierdie module nie.

8 ASSESSERING

8.1 Assesseringsplan

Vir algemene inligting en vereistes aangaande werkopdragte, sien die brosjure **myStudies @ Unisa** wat u saam met u studiemateriaal ontvang het.

MAC2601 sluit **drie verpligte** werkopdragte en 'n eksamen in. Deur die eerste van die drie opdragte (werkopdrag 01) betyds in te dien, verkry u ook toelating tot die eksamen.

Assesseringskriteria

Die assesseringskriteria vir elk van die spesifieke uitkomste gelys in afdeling 2.2 hierbo, word hieronder gelys:

Spesifieke uitkoms 1: Waardeer voorraad met behulp van basiese tegnieke.

Assesseringskriteria:

- Koste word geskat ooreenkomstig hul aard en gedrag
- Grondstowwe, arbeid en bokoste word geboekstaaf en toegewys in die algemene grootboek
- Die eerste-in-eerste-uit-metode (EIEU-metode) teenoor die geweegdegemiddelde-metode word beskryf en toegepas
- Die tradisionele absorpsiekostemetode teenoor die veranderlike kostemetode word toegepas om voltooide voorraad te waardeer
- Koste word bestuur deur gebruik te maak van basiese tegnieke

Spesifieke uitkoms 2: Waardeer voorraad met behulp van meer gevorderde tegnieke.

Assesseringskriteria:

- Koste word toegewys en die wins bereken op grond van 'n aktiwiteitsgebaseerde kosteberekeningstelsel (AGK-stelsel)
- Koste word toegeken en die wins bereken op grond van 'n taakkostestelsel
- Koste word toegeken aan gesamentlike en neweprodukte en die wins word bereken
- Koste word toegeken op grond van 'n proseskostestelsel en wins word bereken

Spesifieke uitkoms 3: Beplan, begroot en beheer prestasie.

Assesseringskriteria:

- Die verskil tussen langtermynbeplanning en begroting word verduidelik
- Begrotings vir kostebestuur en -beheer word saamgestel deur gebruik te maak van verskeie tegnieke
- Standaardkostestelsels word ontwerp en verslag word gedoen van afwykings

Spesifieke uitkoms 4: Identifiseer relevante finansiële inligting en pas dit toe om sakebesluite op die korttermyn te neem.

Assesseringskriteria:

- Onderskei tussen die relevante en irrelevante inligting vir besluitnemingsdoeleindes
- Die implikasie van finansiële en infrastruktuurbeperkinge word beskryf en bereken
- Beskryf hoe relevante inligting toegepas word op besluite aangaande kapasiteits- en hulpbronnbenutting en spesiale bestellings
- Sensitiwiteitsontledingtegnieke wat gebruik kan word in besluitneming, word toegepas

Samestelling van finale punt

Die finale punt vir hierdie module bestaan uit 'n jaarpunt (10% van die finale punt) en 'n eksamenpunt (90% van die finale punt). Die jaarpunt sal slegs in berekening gebring word indien 'n sub-minimum van 40% behaal is in die eksamen.

Alhoewel ons verwys na 'n "jaarpunt", geld dit vir die *semester* waarvoor u geregistreer is, aangesien hierdie module 'n semestermodule en nie 'n jaarmodule is nie. Die jaarpunt word soos volg opgemaak:

- Werkopdrag 01: 25%
- Werkopdrag 02: 50%
- Werkopdrag 03: 25%

'n **Finale punt van 50%** word van studente vereis om hierdie module te slaag. Verwys asseblief na afdeling 10 hieronder vir meer inligting oor die eksamen.

Werkopdrag 01

Indien u nie die werkopdrag teen die indieningsdatum inhandig nie, sal u nie toegelaat word om eksamen te skryf aan die einde van die semester nie. U ontvang toelating tot die eksamen deur die indiening van hierdie werkopdrag, en nie deur die punte toegeken nie. Die punte verwerf vir werkopdrag 01 dra egter 25% by tot u jaarpunt en dit is daarom belangrik dat u nie hierdie werkopdrag verwaarloos nie.

Werkopdrag 01 bestaan uit 20 meervoudige keuse-vrae en dek die eerste vier onderwerpe van die sillabus.

Werkopdrag 02

Die punte behaal vir werkopdrag 02 dra 50% by tot u jaarpunt. Dit is 'n geskrewe werkopdrag van 100 punte in totaal, en dek onderwerpe 1 – 8 van die sillabus.

U punte vir werkopdrag 02 sal soos volg bepaal word:

- Die dosente sal enige 50 van die 100 punte selekteer wat dan volgens die merkplan gemerk sal word
- U punt uit die 50 punte gemerk, sal verwerk word om 50% van u jaarpunt te tel

Byvoorbeeld: Gestel die geskrewe werkopdrag bestaan uit agt vrae. 'n Merkplan van 50 van die totale 100 punte sal deur die dosente saamgestel word, wat oplossings tot geselekteerde vrae of dele van vrae kan insluit. Studente sal **nie** vooraf in kennis gestel word watter vrae of dele van die vrae gemerk sal word nie, en sal daarom al die vrae moet beantwoord (al 100 punte) om te verseker dat hulle die vrae en/of dele van vrae dek wat geselekteer is vir die merkplan. Alle studente wat vir 'n spesifieke semester geregistreer is, sal egter geassesseer word volgens dieselfde merkplan en volledige oplossings van al die vrae sal vir doeleindes van u studies beskikbaar gestel word.

U punt vir werkopdrag 02 sal dus die punt wees wat u verwerf vir die spesifieke afdeling(s) wat gemerk word.

NB: Beide handgeskrewe en getikte antwoorde word toegelaat. Behou 'n afskrif van u antwoord op werkopdrag 02.

Onthou dat u 'n handgeskrewe of getikte, uitgedrukte antwoord kan skandeer ('scan') in 'n PDF-formaat (by, byvoorbeeld, Q-photo, Postnet of 'n Internetkafee) indien u dit aanlyn wil indien. Onthou om 'n geheuestafie ('memory stick') of 'n kompakskyf ('CD') saam met u te neem, sodat u die lêers kan stoor en weer saam met u huis toe kan neem!

Indien u werkopdrag 02 aanlyn via **myUnisa** indien, neem asseblief ook kennis van die volgende:

- U moet die nommer wat aan die ontvangs van u **myUnisa** aanlyn-indiening toegeken is, behou, of 'n skermdruk van die ontvangserkenning as bewys van aanlyn-indiening. Indien u nie bevestiging ontvang het dat u werkopdrag suksesvol ingedien is nie, dan is u werkopdrag nie ontvang nie en moet u asseblief aanhou probeer om u werkopdrag in te dien totdat u bevestiging ontvang dat u werkopdrag suksesvol ingedien is.
- **MOENIE** u werkopdrag oor-indien ('re-submit') op **myUnisa** (aanlyn) nie. Dit werk nie. Maak seker voordat u die indienings- ('submit'-) knoppie die eerste keer kliek. (Dit is soortgelyk daaraan om 'n pakkie wat u per pos stuur in die posbus te gooi – wat gedoen is, is gedoen.) Moenie u dosente bel of e-pos met versoeke om u werkopdrag oor in te dien nie.
- **MOENIE** wag tot die laaste dag vir die aanlyn-indiening van u Werkopdrag 02 op **myUnisa** nie. Die lêerbedieners ('servers') kan nie die volume studente en groot lêers wat gelyktydig opgelaai word, hanteer nie en u mag miskien nie u werkopdrag betyds voor die spertyd opgelaai kry nie.
- **MOENIE** u werkopdrag per e-pos of faks na u dosente of die Werkopdragafdeling van Unisa stuur nie.

Werkopdrag 03

Die punt verwerf vir werkopdrag 03 dra 25% tot u jaarpunt by. Hierdie werkopdrag bestaan uit 20 meervoudige keuse-vrae en dek onderwerpe 9 – 12 van die sillabus.

8.2 Algemene werkopdragnommers

MAC2601-werkopdragte word opeenvolgend genummer, vanaf 01. Die werkopdragte word ook **per semester** geïdentifiseer, aangesien die werkopdragte vir semester 1 en semester 2 verskil. Maak asseblief seker dat u die werkopdragte van die korrekte semester doen (die semester waarvoor u geregistreer is), gebruik die korrekte unieke nommer en aan die indieningsdatums van die korrekte semester voldoen.

8.2.1 Unieke werkopdragnommers

Alle werkopdragte het hul eie **unieke werkopdragnommer**. Let asseblief daarop dat hierdie unieke nommers verskil vir die eerste en die tweede semester.

Die unieke werkopdragnommers is soos volg:

Naam	Semester 1	Semester 2
Werkopdrag 01	274196	291885
Werkopdrag 02	279997	227114
Werkopdrag 03	213111	167421

8.2.2 Indieningsdatums vir werkopdragte

Naam	Semester 1	Semester 2
Werkopdrag 01	20 Februarie 2013	7 Augustus 2013
Werkopdrag 02	20 Maart 2013	4 September 2013
Werkopdrag 03	17 April 2013	2 Oktober 2013

8.3 Indiening van werkopdragte

U mag u geskrewe werkopdrag (werkopdrag 02) en werkopdragte wat op merkleesblaaie voltooi kan word (werkopdragte 01 en 03), hetsy per pos, 'Mobile MCQ Submission' (meervoudige keuse vrae alleenlik), of elektronies via **myUnisa** indien. Werkopdragte mag **nie** per faks of e-pos ingedien word nie.

Vir verdere besonderhede oor werkopdragte, verwys asseblief na u **myStudies @ Unisa**-brosjyre wat u saam met u studiepakkie ontvang het.

U sal ook belangrike inligting oor die indiening van werkopdragte vind op die Unisa Webblad, onder "Home" > "Current student" > "Assignment and examination administration" > "Assignment administration" > "General information".

Algemeen

- U sal **NIE** toegelaat word om eksamen te skryf indien werkopdrag 01 na die indieningsdatum ontvang is nie.
- Maak asseblief seker dat u die indieningsdatums waarop u, u antwoorde moet indien vir die verskeie werkopdragte, in u dagboek aanteken sodat dit die universiteit voor of op die indieningsdatum **bereik**. Laat asseblief genoegsame tyd vir posvertraging, ens.
- Dit is u eie verantwoordelikheid om te verseker dat u werkopdragte teen die onderskeie indieningsdatums ontvang is. Maak seker dat u bevestiging ontvang dat u werkopdrag suksesvol ingedien is (aanlyn) of ontvang is deur Unisa (pos).
- Maak asseblief seker dat u naam, adres (ingesluit die korrekte poskode), studentnommer, modulekode en werkopdragnommer op die eerste bladsy van u antwoord op 'n geskrewe opdrag verskyn en bevestig die akkuraatheid daarvan. Elke daaropvolgende bladsy moet ten minste die volgende inligting bevat:
 1. Studentnommer
 2. Modulekode
 3. Werkopdragnommer
- Begin u antwoord op elke vraag in 'n geskrewe werkopdrag op 'n nuwe bladsy. Maak seker dat u elke antwoord op 'n vraag of sub-vraag presies dieselfde nommer as in die werkopdrag gee. Indien u die vrae of sub-vrae in 'n ander volgorde antwoord as waarin hulle in die werkopdrag voorkom, maak seker dat dit duidelik is wat u waar geantwoord het.

- Maak asseblief seker dat die bladsye van u antwoord op 'n geskrewe werkopdrag behoorlik vasgekram is. Moenie die antwoorde van verskillende werkopdragte aanmekaar vasheg nie. **Onthou dat u werkopdrag presies dieselfde nommer moet hê as die een wat in die relevante studiebrief gespesifiseer is (01, 02 of 03 wat ookal die geval is) en dat u die unieke nommer van die werkopdrag moet aandui.**
- U antwoorde ten opsigte van die afsonderlike vrae in 'n bepaalde werkopdrag moet onder geen omstandighede in afsonderlike koeverte aan die Universiteit versend word nie en ook nie gedeeltelik aanlyn en gedeeltelik per pos nie. Elke werkopdrag vorm 'n afsonderlike eenheid en moet as sodanig aan die Universiteit gestuur word. Dit is nie moontlik om punte van afsonderlike gedeeltes later bymekaar te voeg nie en ongelukkig sal slegs een van die dele se punte toegeken word aan die werkopdrag.
- Alle werkopdragpunte-navrae moet met die dosente uitgeklaar word voor die eksamendatum vir die module. Geen werkopdragpunte-navrae, ingesluit die aanpassing van werkopdragpunte, sal ná die eksamendatum vir die module oorweeg word nie.
- Baie belangrik: Vergewis uself asseblief van die Unisa-beleid vir Kopiereg-inbreuk en Plagiaat ('Unisa Policy for Copyright Infringement and Plagiarism'), sowel as die Studente Dissiplinêre Kode en ander relevante dokumente. Elk van u werkopdragte moet u **eie werk** wees. Moenie iemand anders se werk kopieer nie, en moenie toelaat dat iemand u werk kopieer nie! U sal 0% vir die werkopdrag ontvang indien daar vermoed word dat plagiaat op enige deel van die werkopdrag gepleeg is. **Deur die indiening van 'n MAC2601-werkopdrag, bevestig u outomaties dat u die bepalinge van die verklaring ingesluit in Bylaag A van hierdie studiebrief, aanvaar.**

Werkopdragte wat ná die indieningsdatum ontvang is, sal nie gemerk word nie. Indien u werkopdrag laat ontvang is, sal u 0% vir die werkopdrag ontvang. Maak seker dat u u werkopdrag betyds indien.

Indiening per pos

Werkopdragte ingedien per pos moet **aan die Registrateur geadresseer word** (nie aan die betrokke dosent nie) en moet die Universiteit **nie later as** die datums gespesifiseer in 8.2.2 hierbo, **bereik** nie. U sal dus voldoende tyd moet toelaat tussen die posdatum en die datum waarop u werkopdrag die Universiteit bereik om aan die indieningsdatum te voldoen.

Dui asseblief die unieke nommer wat verskaf is, aan op u merkleesblad vir werkopdrag 01 en 03. Versuim om dit te doen sal lei tot geen toelating tot die eksamen nie (werkopdrag 01) en u sal ook 'n deel van die jaarpunt verbeur (werkopdrag 01 en 03). (Let wel: werkopdrag 02 vereis ook 'n unieke nommer!)

Indiening via myUnisa

As u 'n werkopdrag deur **myUnisa** wil indien:

- Gaan na **myUnisa**.
- Teken aan met u studentenummer en wagwoord.
- Kies die module.
- Klik op "Assignments" in die kieslys links op die skerm.
- Klik op die nommer van die werkopdrag wat u wil indien.
- Volg die aanwysings.

8.4 Werkopdragte

Dit is in u eie belang om soveel moontlik van die drie verpligte werkopdragte te beantwoord en in te dien as gevolg van die volgende redes:

- hulle vorm 'n integrale en belangrike deel van u studies
- u sal nie toegelaat word om toelating tot die eksamen te verkry sonder die betydse indiening van werkopdrag 01 nie
- hulle fasiliteer voorbereiding vir die eksamen
- hulle word in ag geneem by die berekening van u jaarpunt; hoe hoër u jaarpunt, hoe beter is u kans om in die module suksesvol te wees.

Die werkopdragte kan hieronder gevind word – maak asseblief seker dat u die werkopdragte van die regte semester doen!

Geen uitstel sal vir die indiening van werkopdragte verleen word nie, aangesien werkopdragantwoorde outomaties na die indieningsdatum beskikbaar gestel word. Dit is u EIE verantwoordelikheid om te verseker dat u ingediende werkopdrag geregistreer en gemerk is. Die dosente kan niks doen aan werkopdragte wat nie betyds ontvang is nie.

WERKOPDRAGTE ONTVANG NA DIE INDIENINGSDATUM SAL NIE GEMERK WORD NIE.

U SAL 0% ONTVANG VIR WERKOPDRAGTE WAT LAAT ONTVANG IS.

WERKOPDRAG 01/2013 (EERSTE SEMESTER): MEERVOUDIGE KEUSEVRAE (verplichtend)

Instruksies:

- Vir hierdie werkopdrag moet u **Onderwerpe 1 – 4** bestudeer.
- Die indiening van die **verpligte** Werkopdrag 01/2013 sal bewys dat u 'n aktiewe student is en daarom verkry u ook daardeur toelating tot die eksamen.
- Punte toegeken aan Werkopdrag 01/2013 tel 25% van u jaarpunt.
- Die indieningsdatum vir hierdie werkopdrag is **20 Februarie 2013** en **geen uitstel sal vir die indiening van die werkopdrag verleen word nie.**
- Hierdie werkopdrag moet op die merkleesblad soos voorsien, voltooi word. Verwys asseblief na **myStudies @ Unisa** vir hoe 'n merkleesblad gebruik en voltooi moet word.
- Onthou asseblief om die unieke nommer van die werkopdrag op die merkleesblad in te vul. Die unieke nommer vir hierdie werkopdrag is **274196**.
- Indiening van hierdie werkopdrag impliseer dat u die verklaring in Bylaag A tot hierdie Studiebrief maak.

VRAAG 1 – KOSTEBEGRIPE EN -SKATTING (5 punte)

ONAFHANKLIKE DEEL A

Baseman Bpk vervaardig twee tipes lae-bas-luidsprekers en het die volgende kostedata vir Desember 2012 verskaf:

Grondstowwe	Tipe ZWP	Tipe XBR
Komponent 1	R35 per luidspreker	R40 per luidspreker
Komponent 2	R15 per luidspreker	R10 per luidspreker
Komponent 3	R80 per luidspreker	R80 per luidspreker
Komponent 4	R29 per luidspreker	R33 per luidspreker

Dit is nie koste-effektief om die koste van soldeerdraad (nie ingesluit in die bogenoemde komponentkoste nie; R125 000 in totaal) aan individuele luidsprekers toe te skryf nie.

Arbeid

Salaris van die fabriektoesighouer	R15 000 per maand
Lone van elke monteerwerk-personeellid	R50 per uur
Salaris van die administratiewe assistent	R12 000 per maand

Ander vervaardigingsbokoste

Depresiasie van fabriekstoerusting	R50 000 per maand
------------------------------------	-------------------

Bemarkingskoste

R22 000 per maand

Addisionele inligting:

- 4 000 tipe ZWP- en 5 000 tipe XBR-luidsprekers is in Desember 2012 vervaardig.
- Beide begin- en eindvoorraad vir Desember 2012 was nul rand.
- Elke luidspreker (ongeach van tipe) vereis twee monteerwerk-personeellede om 45 minute elk daaraan te werk.

ONAFHANKLIKE DEEL B

Phathu Foto's (Edms) Bpk is 'n fotografie-besigheid. Die volgende syfers is beskikbaar vir die besigheid:

2012 werklike drukkerskoste (semi-veranderlik)

Maand	Foto's gedruk en verkoop	Drukkerskoste (R)
Januarie	8 000	12 500
Februarie	8 300	12 995
Maart	9 000	14 000
April	8 700	13 525
Mei	6 900	10 850
Junie	7 100	11 130
Julie	7 200	11 325
Augustus	7 700	12 100
September	8 000	12 490
Oktober	8 400	13 160
November	8 600	13 405
Desember	8 900	13 885

2013 begroting

- Daar word verwag dat die totale druk- en verkoopshoeveelheid vir die jaar met 10% sal toeneem in 2013.
- Geen verandering in veranderlike drukkerskoste per foto of in die vaste gedeelte van drukkerskoste word verwag nie.
- Totale vaste koste is as R1 252 000 begroot vir die jaar en sluit die vaste gedeelte van die drukkerskoste in.
- Die begrote verkoopprijs per foto gedruk en verkoop is R20 en die verkoopskommissiekoste van 15% is van toepassing op hierdie verkoopprijs.

VRAAG 2 – VERANTWOORDING VAN GRONDSTOF, ARBEID EN BOKOSTE (5 punte)**ONAFHANKLIKE DEEL A – GRONDSTOF EN ARBEID**

Wimbledon Mania beplan om twee nuwe produkte in voorraad te hou volgende jaar. Die maatskappy benodig 'n kosterekenmeester om hul te help met 'n paar belangrike berekeninge.

Die verwagte jaarlikse vraag na Wacky Raket sal 100 000 rakette wees, en die koste om elke bestelling te plaas is R15. Die totale houkoste vir een van hierdie rakette is R5 per jaar (rente ingesluit).

Die verwagte vraag na Woza Raket sal 2 500 rakette per week wees, en die koste om elke bestelling te plaas is R16. Die hanteringskoste van een van hierdie rakette is R9 per raket. 'n Addisionele R1 per raket sal aangegaan word op diefstal- en brandversekering vir Woza Raket.

Aanvaar dat Wimbledon Mania 52 weke in 'n jaar het en dat hulle verwagte pakhuisuur R500 000 'n jaar is.

Mnr. Wimbledon is die pakhuisbestuurder by Wimbledon Mania. Die volgende inligting is beskikbaar oor sy vergoeding vir een week in die jaar: (U kan aanneem dat die vergoeding konstant sal bly regdeur die jaar)

Normale werksweek	40 ure
Normale loon	R100 per uur
Oortyd ure	8 ure
Oortyd koers	Tyd en 'n half
Werknemersaftrekkings:	
Pensioen	7,5% van basiese loon
Mediese fonds	R80
WVF	1% van bruto loon
LBS	18% van belasbare inkomste
Werkgewersbydraes:	
Pensioen	8% van basiese loon
Mediese fonds	R124
WVF	1% van bruto loon

Die junior personeel in Wimbledon Mania verdien R40 per uur. Wimbledon Mania se junior personeel bedryf 'n 5-dag, 40-uur week. Elke junior personeelid is geregtig op 15 werksdae jaarlikse verlof, en 'n bonus (nie-gewaarborg) gelyk aan een week se normale betaling.

Daar is jaarliks 10 betaalde openbare vakansiedae wat binne die werksweek val. Ledige tyd toegelaat is gelyk aan 6% van beskikbare klokure vir hierdie junior personeellede. Die werkgewer se bydrae aan die pensioenfonds en WVF is 7,5% en 1% van normale loon (ingesluit vakansiebetaling) onderskeidelik. Die **jaarlikse** werkgewersbydrae aan die mediese fonds is R744.

ONAFHANKLIKE DEEL B – BOKOSTE

Print Perfect Publishers het hul kosterekenmeester van die volgende inligting verskaf:

	R
Koste van verkope	800 000
Grondstowwe gebruik	385 000
Arbeid aangewend	190 000
Toegedeelde vervaardigingsbokoste	96 000
Werklike vervaardigingsbokoste	89 500

Die kosterekenmeester benodig u hulp met Vraag 2 (9).

ONAFHANKLIKE DEEL C – BOKOSTE

ABC Sweets (Edms) Bpk vervaardig speelgoed gemaak uit lekkergoed. Die proses behels twee produksieafdelings, Appel en Bessie, en twee diensafdelings, Kersie en Dadel.

Die maatskappy maak van die volgende basisse gebruik om hul vervaardigingsbokoste tussen die verskillende afdelings toe te deel:

	Appel	Bessie	Kersie	Dadel
Vloerarea - m ²	150	200	75	75
Aantal werknemers	60	40	40	10
Waarde van masjinerie (R miljoen)	4	3	2	-
Begrote direkte arbeidsure	4 850	4 740	-	-
Werklike direkte arbeidsure	4 879	4 699	-	-
Indirekte grondstof (gegee)	20 000	10 000	-	-

Die begrote vervaardigingsbokostebesteding vir die jaar geëindig 30 April 2013 is as volg:

	R
Geboueversekering	50 000
Kafeteria	75 000
Masjiensekuring	450 000
Indirekte grondstof	30 000

Addisionele inligting:

Diensafdelings se koste word toegedeel aan vervaardigingsafdelings en diensafdelings op die volgende basisse en in die volgende volgorde:

Eerste Dadel Appel: 50%; Bessie: 30%; Kersie: 20%

Tweede Kersie Aantal werknemers

Bokostetoedelingstariewe word gebaseer op direkte arbeidsure.

VRAAG 3 – EIEU EN GEWEEGDEGEMIDDELDE (5 punte)

Pretty Pots (Edms) Bpk verskaf die volgende inligting aan u aangaande 'n sekere populêre model vir die maand van April 2013:

Datum	Transaksiebesonderhede	
April		
1	Beginvoorraad	200 eenhede @ R5,00 elk
2	Aangekoop	400 eenhede @ R5,50 elk
5	Uitgereik	300 eenhede aan produksie
8	Teruggestuur	50 eenhede aangekoop op 2 April, terug na die verskaffer
10	Aangekoop	500 eenhede @ R5,80 elk
12	Aangekoop	480 eenhede @ R5,00 elk; vragkoste van R144 is vir hierdie bestelling betaal
15	Teruggestuur	100 eenhede aangekoop op 10 April, terug na die verskaffer
20	Uitgereik	660 eenhede aan produksie
23	Teruggestuur vanaf produksie	90 eenhede van die laaste uitreikings vervaardig op 5 April
25	Het 'n faktuur ontvang	440 eenhede @ R5,00 elk; vragkoste van R330 is vir hierdie bestelling betaal

VRAAG 4 – DIREKTE- EN ABSORPSIEKOSTEBEREKENING (5 punte)

Rochie (Edms) Bpk is op 1 Januarie 2013 geïnkorporeer en vervaardig 'n enkele produk. Die volgende kostes is aangegaan in Januarie 2013:

	R
Veranderlike koste per eenheid:	
Direkte grondstowwe	10,80
Direkte arbeid	12,00
Vervaardigingsbokoste	6,00
Verkoops- en administratiewe kostes	3,60
	<u>32,40</u>
Vaste koste:	
Vervaardigingsbokoste	180 000
Verkoops- en administratiewe kostes	480 000

Addisionele inligting:

- Gedurende Januarie 2013 is 25 000 eenhede vervaardig en 22 000 is verkoop vir R60 elk.
- Ignoreer voorraadwaardasiemetode (beide die eerste-in-eerste-uit- en die gewoegdegemiddelde-metode sal nie tot verskillende antwoorde aanleiding gee nie).

WERKOPDRAG 01/2013 (Eerste semester):

Verwys asseblief na die inligting in Vraag 1 om (1) – (5) te beantwoord.

1. In vraag 1, deel A, kan 'n tipe ZWP-luidspreker 'n voorbeeld wees van 'n:
 - (1) Kostestelsel
 - (2) Kosteklassifikasie
 - (3) Kostevoorwerp
 - (4) Veranderlike koste

2. In vraag 1, deel A, is die totale bedryfskoste vir Desember 2012:
 - (1) R2 316 000
 - (2) R865 000
 - (3) R2 126 000
 - (4) R2 350 000

3. In vraag 1, deel A, is die totale primêre koste van die tipe XBR-luidsprekers:
 - (1) R2 316 000
 - (2) R2 126 000
 - (3) R936 000
 - (4) R1 190 000

4. In vraag 1, deel B, is die **totale** begrote vaste drukkerskoste vir 2013:
 - (1) R8 000
 - (2) R6 000
 - (3) R500
 - (4) R6 250

5. In vraag 1, deel B, is die veiligheidsmarge gebaseer op begrote syfers vir die jaar (2013):
- (1) 16 025 eenhede
 - (2) 17 200 eenhede
 - (3) R514 100
 - (4) R398 427,50

Verwys asseblief na die inligting in Vraag 2 Deel A om (6) – (8) te beantwoord.

6. Bereken die Ekonomiese Bestelhoeveelheid vir Wimbledon Mania vir die voorgestelde nuwe produkte.
- (1) Wacky Raketle: 775 raketle; Woza Raketle: 645 raketle
 - (2) Wacky Raketle: 258 raketle; Woza Raketle: 403 raketle
 - (3) Wacky Raketle: 775 raketle; Woza Raketle: 680 raketle
 - (4) Wacky Raketle: 258 raketle; Woza Raketle: 645 raketle
7. Bereken Mnr. Wimbledon se weeklikse netto loon.
- (1) R3 898
 - (2) R4 768
 - (3) R3 486
 - (4) R3 886
8. Bereken die begrote uurlikse arbeidsverhalingstarief per werksuur vir die junior personeellede van Wimbledon Mania.
- (1) R51,26
 - (2) R52,64
 - (3) R30,79
 - (4) R52,17

Verwys asseblief na die inligting in Vraag 2 Deel B om (9) te beantwoord.

9. Moet die koste van verkope-rekening gedebiteer of gekrediteer word met die bedrag van die bokoste oor- of ondertoegedeel?
- (1) Gekrediteer met R6 500 oortoegedeelde bokoste
 - (2) Gedebiteer met R6 500 ondertoegedeelde bokoste
 - (3) Gedebiteer met R6 500 oortoegedeelde bokoste
 - (4) Gekrediteer met R6 500 ondertoegedeelde bokoste

Verwys asseblief na die inligting in Vraag 2 Deel C om (10) te beantwoord.

10. Bereken die begrote bokostetoedelingstarief vir afdeling Appel en afdeling Bessie onderskeidelik. Rond u antwoord af tot die naaste Rand.
- (1) Appel: R72; Bessie: R54
 - (2) Appel: R67; Bessie: R50
 - (3) Appel: R70; Bessie: R56
 - (4) Appel: R80; Bessie: R60

Verwys asseblief na die inligting in Vraag 3 om (11) – (15) te beantwoord.

11. Indien die ouditeure 'n verrassingsvoorraadtelling hou op 10 April 2013, wat is die waarde wat die ouditeure sal verwag om voorhande te vind deur onderskeidelik gebruik te maak van die EIEU- en die geweegdegemiddelde-metode ("GGM") van voorraadwaardasie? Rond u bewerkinge deurlopend af tot 3 desimale.
- (1) EIEU: R4 225,10; GGM: R4 275,00
 - (2) EIEU: R2 900,00; GGM: R2 900,00
 - (3) EIEU: R4 550,00; GGM: R4 501,10
 - (4) EIEU: R4 275,00; GGM: R4 225,10
12. Bereken die totale waarde van uitreikings van voorraad vir die maand van April 2013 deur gebruik te maak van die EIEU-metode van voorraadwaardasie.
- (1) R5 253
 - (2) R4 803
 - (3) R4 353
 - (4) R3 948

13. Bereken die totale waarde van uitreikings van voorraad vir die maand van April 2013 deur gebruik te maak van die geweegegemiddelde-metode van voorraadwaardasie. Rond u bewerkinge deurlopend af tot 3 desimale.
- (1) R4 294,78
 - (2) R4 734,75
 - (3) R5 174,72
 - (4) R3 879,75
14. Bereken die waarde van voorraad op 30 April 2013 deur gebruik te maak van die EIEU-metode van voorraadwaardasie.
- (1) R5 066
 - (2) R5 435
 - (3) R5 516
 - (4) R5 025
15. Bereken die waarde van voorraad op 30 April 2013 deur gebruik te maak van die geweegegemiddelde-metode van voorraadwaardasie. Rond u bewerkinge deurlopend af to 3 desimale.
- (1) R5 134,25
 - (2) R3 054,25
 - (3) R5 333,33
 - (4) R5 584,25

Verwys asseblief na die inligting in Vraag 4 om (16) – (20) te beantwoord.

16. Grensinkomste word bereken as:
- (1) Verkope min veranderlike vervaardigingskoste
 - (2) Verkope min koste van verkope
 - (3) Verkope min veranderlike koste van verkope
 - (4) Verkope min koste van verkope, veranderlike koste en vaste verkoops- en administratiewe koste

17. Bruto wins word bereken as:
- (1) Verkope min veranderlike vervaardigingskoste
 - (2) Verkope min veranderlike koste van verkope
 - (3) Verkope min koste van verkope
 - (4) Verkope min koste van verkope, veranderlike koste en vaste verkoops- en administratiewe koste
18. Die waarde van eindvoorraad op 31 Januarie 2013 indien die direkte metode van kosteberekening gebruik word:
- (1) R86 400
 - (2) R108 000
 - (3) R97 200
 - (4) R118 800
19. Die waarde van eindvoorraad op 31 Januarie 2013 indien die absorpsiemetode van kosteberekening gebruik word:
- (1) R108 000
 - (2) R21 600
 - (3) R97 200
 - (4) R118 800
20. Indien die netto wins voor belasting volgens die absorpsiemetode van kosteberekening R188 800 is vir die maand geëindig 31 Januarie 2013, is die netto wins voor belasting volgens die direkte metode van kosteberekening:
- (1) R210 400
 - (2) R188 800
 - (3) R167 200
 - (4) R268 000

WERKOPDRAG 02/2013 (EERSTE SEMESTER): GESKREWE VRAE (verplichtend)***Instruksies:***

- Vir hierdie werkopdrag moet u **Onderwerpe 1 – 8** bestudeer.
- Punte toegeken aan Werkopdrag 02/2013 tel 50% van u jaarpunt.
- Die indieningsdatum vir hierdie werkopdrag is **20 Maart 2013** en **geen uitstel sal vir die indiening van die werkopdrag verleen word nie.**
- Onthou asseblief om die unieke nommer van die werkopdrag op die voorblad van u antwoord aan te dui. Die unieke nommer vir hierdie werkopdrag is **279997**.
- Indiening van hierdie werkopdrag impliseer dat u die verklaring in Bylaag A tot hierdie Studiebriëf maak.

VRAAG 1 – KOSTEBEGRIPE EN -SKATTING (10 punte)

Die volgende inligting is verkry vanuit die rekeningkundige rekords van Vuurwarm Oonde (Edms) Bpk vir die finansiële jaar geëindig 31 Oktober 2012:

Maand	Aantal oonde geïnstalleer	Semi-veranderlike koste
November	180	311 000
Desember	195	333 000
Januarie	160	278 500
Februarie	175	301 000
Maart	200	345 000
April	210	350 000
Mei	215	348 000
Junie	240	395 000
Julie	240	393 000
Augustus	205	348 000
September	185	318 000
Oktober	170	290 000

VERLANG:

Gebruik die kleinste kwadraat-metode om die veranderlike koste per eenheid en die vaste koste in totaal vir die finansiële jaar te bereken. Gebruik die volgende formules en rond antwoorde vir (a) en (b) tot twee desimale af:

$$\Sigma xy = a\Sigma x + b\Sigma x^2 \dots\dots\dots ①$$

$$\Sigma y = an + b\Sigma x \dots\dots\dots ② \tag{10}$$

VRAAG 2 – VERANTWOORDING VAN GRONDSTOF, ARBEID EN BOKOSTE (10 punte)

ONAFHANKLIKE DEEL A - GRONDSTOF

Standard Stages benodig 'n sekere tipe staalpyl om 'n verhoog op te rig vir 'n geleentheid wat in 2014 gehou sal word. Die maatskappy benodig 'n kosterekenmeester om hul te help met 'n paar belangrike berekeninge.

Die verwagte jaarlikse vraag na staalpyl sal 300 staalpyl per week wees, en die koste om elke bestelling te plaas is R2 500 per bestelling. Die elektrisiteit- en hanteringskoste vir een van hierdie staalpyl is R129 per jaar. 'n Staalpyl afgelewer by Standard Stages se sentrale pakhuis kos R900 per pyl. Die maatskappy leen fondse teen 'n rentekoers van 8% om voorraad te finansier.

Aanvaar dat Standard Stages 52 weke in 'n jaar het en dat hul verwagte pakhuisuur R500 000 'n jaar beloop.

VERLANG:

- (a) Bereken die Ekonomiese Bestelhoeveelheid van staalpyl vir Standard Stages. (4)

ONAFHANKLIKE DEEL B – BOKOSTE

Monkey Matrix (Edms) Bpk het 2 produksieafdelings, Victor en Whiskey, en 2 diensafdelings, X-ray en Yankee.

Die **begrote** vervaardigingsbokoste vir die jaar vir die verskillende afdelings is soos volg (gemeet in Rand; die primêre toedeling is reeds gedoen):

	Victor	Whiskey	X-ray	Yankee
Begrote bokoste	600 000	200 000	100 000	50 000

Meer inligting oor die afdelings word hieronder gegee:

	Victor	Whiskey	X-ray	Yankee
Vloerarea - m ²	350	100	50	25
Aantal werknemers	55	15	20	5
Begrote direkte arbeidsure	5 000	6 000	-	-
Werklike direkte arbeidsure	5 500	6 500	-	-

Addisionele inligting:

Monkey Matrix se diensafdelings se koste word toegedeel aan produksie- en diensafdelings op die volgende basisse en in die volgende volgorde:

Eerste	Yankee	Vloerarea – m ²
Tweede	X-ray	Aantal werknemers

Bokostetoedelingstariewe word op direkte arbeidsure gebaseer

VERLANG:

- (b) Bereken die begrote bokostetoedelingstarief vir afdeling Whiskey. Rond u antwoord af tot die naaste Rand. (6)

VRAAG 3 – EIEU EN GEWEEGDEGEMIDDELDE (10 punte)

Motorcross Cycling Toys (Edms) Bpk verskaf u van die volgende inligting ten opsigte van 'n spesifieke speelding vir die maand van Mei 2013:

Datum	Transaksiebesonderhede	
Mei		
1	Beginvoorraad	300 eenhede @ R9,00 elk
4	Aangekoop	250 eenhede @ R9,50 elk, vragkoste van R75 is vir hierdie bestelling betaal
7	Uitgereik	310 eenhede aan produksie
11	Teruggestuur die	40 eenhede aangekoop op 4 Mei, terug na verskaffer
15	Teruggestuur	10 eenhede vanaf die fabriek na store, vervaardig uit die laaste eenhede uitgereik

VERLANG:

- (a) Stel 'n voorraadgrootboekkaart op en bereken die waarde van voorraad op 15 Mei 2013 deur gebruik te maak van die EIEU-metode van voorraadwaardasie. (5)
- (b) Stel 'n voorraadgrootboekkaart op en bereken die waarde van voorraad op 15 Mei 2013 deur gebruik te maak van die geweegegemiddelde-metode van voorraadwaardasie. Rond u bewerkinge deurlopend af tot 3 desimale. (5)

VRAAG 4 – DIREKTE- EN ABSORPSIEKOSTEBEREKENING (15 punte)

SAGOLE vervaardig en verkoop 'n enkele tipe produk. Die volgende inligting is vir die jaar geëindig 31/12/2012 (werklik) en 31/12/2013 (begroot) verkry.

	<u>31/12/2012</u>	<u>31/12/2013</u>
	Eenhede	Eenhede
Produksie	6 000	8 000
Verkope	6 500	7 500
Beginvoorraad (01/01/2012)	2 000	-

	R	R
Verkoopprijs per eenheid	500	600
Veranderlike koste per eenheid:		
Direkte grondstof	150	150
Direkte arbeid	120	140
Vervaardigingsbokoste	60	80
Verkoops- en administrasie	<u>20</u>	<u>20</u>
	<u>350</u>	<u>390</u>
Vaste koste:		
Vervaardiging	700 000	770 000
Verkoopsbokoste	30 000	35 000
Administratiewe bokoste	<u>20 000</u>	<u>25 000</u>
	<u>750 000</u>	<u>830 000</u>

Addisionele inligting:

- Die maatskappy maak gebruik van die eerste-in-eerste-uit-metode vir die waardasie van voorraad.

VERLANG:

(a) Stel die begrote staat van wins en verlies en ander omvattende inkomste op, vir die jaar geëindig 31/12/2013, volgens:

- (i) Die direktemetode van kosteberekening (6)
(ii) Die absorpsiemetode van kosteberekening (7)

Die formaat van die twee state moet duidelik die verskil tussen die twee metodes illustreer.

(b) Rekonsilieer die verskil in netto wins voor belasting volgens die twee metodes. (2)

Rond alle bedrae af tot die naaste **Rand**.

VRAAG 5 – AGK-KOSTEBEREKENING (15 punte)

'n Kernenergie-maatskappy vervaardig 3 unieke produkte, Gamma-ray, Delta-ray en Echo-ray. Die volgende beraamde inligting is beskikbaar vir die jaar geëindig 31 Mei 2012:

Koste- en bedryfsinligting:

	Gamma-ray	Delta-ray	Echo-ray
Totale aantal kerninspeksies	5	10	10
Totale aantal veiligheidsinspeksies	27	15	18
Totale aantal bestellings	15	30	15
Produksie en verkope (eenhede)	2 500	2 000	4 000
Direkte grondstowwe (koste per eenheid)	R50	R30	R40
Direkte arbeid (koste per eenheid)	R75	R40	R80

Vervaardigingsbokoste:

	R
Veiligheidsinspeksie	180 000
Kerninspeksie	500 000
Bestelkoste	60 000

VERLANG:

- (a) Bereken die aktiwiteitskoerse vir veiligheidsinspeksies, kerninspeksies en bestelling. (3)

Gebruik die volgende formaat vir u antwoord:

Aktiwiteite	Bokoste	Totale kostedrywer	Aktiwiteitskoers
Veiligheidsinspeksies	R180 000		
Kerninspeksies	R500 000		
Bestelling	R60 000		

- (b) Bereken die totale vervaardigingskoste vir produk Gamma-ray, Delta-ray en Echo-ray onderskeidelik. (Gebruik u antwoord in (1) en rond af tot twee desimale plekke regdeur die vraag). (12)

Gebruik die volgende formaat vir u antwoord:

	Gamma-ray	Delta-ray	Echo-ray
	R	R	R
Direkte grondstof			
Direkte arbeid			
Veiligheidsinspeksies			
Kerninspeksies			
Bestelkoste			
Totale vervaardigingskoste			

VRAAG 6 – TAAKKOSTEBEREKENING (15 punte)

Die Townhouse Pool Maatskappy handhaaf 'n taakkosteberekeningstelsel. Die volgende transaksies en ander inligting hou verband met die maand Februarie 2013:

1. Beginsaldo's

Algemene Grootboek

	R
Grondstofvoorraadkontrole	100 500
Werk-in-Proses-Kontrole	40 800
Voltooide goedere	10 000

Hulpgrootboeke

Grondstofgrootboek	
Grondstof A	70 000
Grondstof B	25 500
Verbruikbare voorraad	5 000

In die algemene grootboek word 'n enkele grondstofrekening (Grondstofvoorraadkontrolle) gebruik vir alle direkte en indirekte grondstowwe.

Taakkaarte

Taak 1
Taak 2

R
40 800
–

2. Aankoop van grondstowwe

Gedurende die maand het die Townhouse Pool Maatskappy Grondstof A ter waarde van R47 000 aangekoop en Grondstof B ter waarde van R43 000. Grondstowwe A en B is direkte grondstowwe.

Die maatskappy het ook R10 200 se verbruikbare voorraad aangekoop vir die vervaardigingsproses.

3. Rekwisie van grondstowwe en voorrade

Met ontvangs van 'n behoorlik voorbereide materiaalrekwisievorm, is die volgende direkte grondstowwe en voorrade uitgereik vanaf voorraad na produksie:

	R
Grondstof A	111 000
Grondstof B	46 000
Verbruikbare voorraad	6 900

Direkte grondstowwe ter waarde van R105 000 is aan Taak 1 uitgereik, en die oorblywende R52 000 na Taak 2.

4. Arbeidskoste

Totale direkte arbeid-lone: R140 000 (Taak 1: R100 000; Taak 2: R40 000); indirekte arbeid-lone: R60 000; administratiewe salarisse: R52 000.

In die algemene grootboek word 'n enkele arbeidsrekening gebruik (Fabrieksalarisse- en lonekontrolle) vir alle direkte en indirekte arbeid. Nie-vervaardigingsarbeid het 'n aparte rekening.

5. Ander fabrieksbokoste

Elektrisiteit: R6 300; Herstelwerk en instandhouding: R10 900; Versekering: R3 600; Eiendomsbelasting: R5 500; Depresiasie – Aanleg en masjinerie: R20 000.

6. Toegedeelde bokoste

Fabrieksbokoste word toegedeel aan produksie deur 'n tarief van 80% van direkte arbeidskoste te gebruik.

7. Voltooide eenhede

Taak 1 is voltooi en oorgedra na Voltooide Goedere.

8. Eenhede verkoop

Tien swembaddens, van Taak 1, is verkoop vir R350 000. Die totale vervaardigingskoste hiervan was R255 800.

VERLANG:

Teken die bostaande saldo's en transaksies in die Algemene grootboek en die kostegrootboek aan. (15)

VRAAG 7 – PROSESKOSTEBEREKENING (15 punte)

Gabotse (Edms) Bpk vervaardig 'n skoonheidsprodukt in 'n enkele proses en maak gebruik van 'n proseskostestelsel. Die volgende inligting is beskikbaar vir Januarie 2013:

	Eenhede
Werk-in-proses (begin)	25 000
- Persentasie voltooi - 40%	
Nuwe eenhede in produksie geplaas gedurende die huidige maand	180 000
Voltooi	120 000
Werk-in-proses (eind)	60 000
- Persentasie voltooi - 70%	

Addisionele inligting:

1. Verspilling vind plaas wanneer die proses 40% voltooi is.
2. Gabotse (Edms) Bpk maak gebruik van die gewoegedegemiddelde-metode van voorraadwaardasie.
3. Grondstowwe word aan die begin van die proses bygevoeg.
4. Omskepping vind gelykmatig deur die proses plaas.
5. Normale verliese word beraam op 5% van die eenhede wat die verspillingpunt bereik.
6. Kostedata is soos volg:

	R
Werk-in-proses (begin)	
Grondstof	508 000
Omskepping	364 000
In Januarie 2013	
Grondstof	4 348 450
Omskepping	6 137 600

VERLANG:

- (a) Stel die hoeveelheidstaat vir Januarie 2013 op. (7)
- (b) Stel die produksiekostestaats vir Januarie 2013 op. (3)
- (c) Bereken die Randwaarde van die normale verlies ten opsigte van **omskepping** alleenlik. Rond bedrae af tot die naaste Rand. (1)
- (d) Neem aan dat die Randwaarde van die normale verlies ten opsigte van **grondstof** R213 210 is. Dui aan hoe die R213 210 toegedeel sal word vir doeleindes van die kostetoewysingstaat (wenk: die kostetoewysingstaat as sulks is nie gevra nie – die toedelings**berekening** is wat verlang word; indien u totaal van die toegedeelde gedeeltes optel na R213 211, mag die verskil verband hou met 'n afrondingsverskil, wat aanvaarbaar is). (4)

VRAAG 8 – GESAMENTLIKE EN NEWEPRODUKTE (10 punte)

MezoPhyl Chemicals vervaardig drie gesamentlike produkte (BichroPhyl, ChloroPhyl en DechloPhyl) in een gesamentlike proses, maar dit is vir elk van die produkte moontlik om afsonderlik verder verwerk te word na die verdeelpunt.

Die data hieronder gegee, hou verband met Januarie 2013:

	BichroPhyl R	ChloroPhyl R	DechloPhyl R
Verkoopprijs by verdeelpunt (per liter)	72	96	108
Verkoopprijs na verdere verwerking (per liter)	120	240	360
Verdere verwerkingskoste	240 000	120 000	270 000
Uitset van die proses voor verdere verwerking (per liter)	3 500	2 500	2 000

Gesamentlike vervaardigingskoste aangegaan, het R480 000 beloop.

VERLANG:

(a) Bereken hoe die gesamentlike vervaardigingskoste toegedeel moet word tussen BichroPhyl, ChloroPhyl en DechloPhyl volgens die volgende metodes:

- (i) Fisiesehoeveelhede-metode (2)
- (ii) Markwaarde-by-verdeelpunt-metode (3)
- (iii) Netto realiseerbare waarde-by-verdeelpunt-metode (NRW-metode) (3)

(b) Definieer die volgende:

- (i) Neweproduk (1)
- (ii) Afvalproduk (1)

Rond alle bedrae af tot die naaste **Rand**.

WERKOPDRAG 03/2013 (EERSTE SEMESTER): MEERVOUDIGE KEUSE-VRAE (verplichtend)

Instruksies:

- Vir hierdie werkopdrag moet u **Onderwerpe 9 – 12** bestudeer.
- Punte toegeken aan Werkopdrag 03/2013 tel 25% van u jaarpunt.
- Die indieningsdatum vir hierdie werkopdrag is **17 April 2013** en **geen uitstel sal vir die indiening van die werkopdrag verleen word nie**.
- Hierdie werkopdrag moet op die merkleesblad soos voorsien, voltooi word. Verwys asseblief na **myStudies @ Unisa** vir hoe 'n merkleesblad gebruik en voltooi moet word.

- Onthou asseblief om die unieke nommer van die werkopdrag op die merkleesblad in te vul. Die unieke nommer vir hierdie werkopdrag is **213111**.
- Indiening van hierdie werkopdrag impliseer dat u die verklaring in Bylaag A tot hierdie Studiebriëf maak.

VRAAG 1 – BEGROTINGSTEGNIEKE (5 punte)

Masarita (Edms) Bpk is op 2 Januarie 2013 geïnkorporeer. Die volgende is die verkope vir April, Mei en Junie 2013 per vooruitskatting.

	April	Mei	Junie	Totaal
Begrote verkoopseenhede	15 000	25 000	50 000	90 000

Addisionele inligting:

1. Verkoopprys is R20 per eenheid.
2. Kontantverkope elke maand beloop 20% van totale verkope.
3. Uit industrie-ondervinding het die maatskappy geleer dat 20% van 'n maand se verkope ingevorder word in die maand van verkope, 70% word ingevorder in die maand ná verkope en die res word ingesamel in die tweede maand na verkope.
4. Februarie en Maart se verkope is R230 000 en R260 000 onderskeidelik.

VRAAG 2 – STANDAARDKOSTEBEREKENING (5 punte)

Shocking Electronics (Edms) Bpk vervaardig 'n enkele produk en maak gebruik van 'n standaardkosteberekeningstelsel.

Standaard veranderlike koste per produk is as volg	R
Direkte grondstof (4kg @ R39,60 per kg)	158,40
Direkte arbeid (5 ure @ R28,70 per uur)	143,50
Veranderlike vervaardigingsbokoste wat wissel volgens ure gewerk (5 ure @ R10,00 per uur)	50,00
	351,90

Werklike resultate vir die maand:	R
Direkte grondstof @ R39,50 per kg	850 040
Direkte arbeid @ R28,80 per uur	872 640
Veranderlike vervaardigingsbokoste @ R 9,00 per uur	247 500
	1 970 180

Eenhede vervaardig gedurende die maand	5 200
Arbeidsure gewerk gedurende die maand	?

VRAAG 3 – RELEVANTE KOSTEBEREKENING (5 punte)

Laslap (Edms) Bpk vervaardig kwiltkomberse in twee verskillende groottes. Slegs drie van sy werknemers het die gespesialiseerde naaldwerkvaardighede wat vereis word in die vervaardiging van hierdie komberse. Elkeen van hierdie drie werknemers het 150 ure beskikbaar per maand vir die gespesialiseerde naaldwerk. Die ander werknemers in die vervaardigingsdepartement is verantwoordelik vir die sny van materiaal, gehaltebeheer en ander vervaardigingsaktiwiteite.

Laslap (Edms) Bpk verwag om 600 groot komberse (vereis elk 6 ure se gespesialiseerde naaldwerktyd) en 720 klein komberse (vereis elk 4,5 ure se gespesialiseerde naaldwerktyd) in die mark te kan verkoop volgende jaar. Die volgende inligting is ook beskikbaar:

- Die verkoopprijs per kombers is R460 vir die groot en R330 vir die klein komberse.
- Direkte grondstof beloop R40 per groot kombers en R28 per klein kombers.
- Die spesialis naaldwerkers word elk R50 per uur betaal en ander direkte arbeid beloop R20 per kombers, ongeag van die grootte.
- Indirekte arbeid beloop R12 000 per maand.
- Depresiasie op die naaldwerkmasjiene beloop R17 500 in totaal per maand.
- Ander vaste vervaardigingsbokoste beloop R3 000 per maand.
- Laslap (Edms) Bpk het 'n ou naaldwerkmasjien op die perseel wat hul nie meer gebruik nie, aangesien naaldwerkmasjiene onlangs baie meer tegnologies gevorderd geraak het.

Oorspronklik het hierdie masjien R30 000 gekos. Laslap (Edms) Bpk kan kies om die masjien op te knap teen 'n koste van R10 000 en 'n eenmalige bestelling van 5 000 waslappe te aanvaar, wat vervaardig kan word teen 'n veranderlike koste van R2 per waslap, selfs al het die entiteit nog nooit van tevore waslappe vervaardig nie en ook nie van plan is om in die toekoms ander waslappe te vervaardig nie. Die opgeknapte masjien word verwag om slegs vir die duur van die waslapprojek te hou.

Een van die administratiewe werkers (permanent; salaris R11 000 per maand) het basiese naaldwerkvaardighede en genoeg ledige tyd beskikbaar om al die werk wat vir die spesiale projek vereis word, te doen.

- Indien Laslap (Edms) Bpk **teen** die waslapbestelling besluit, is die volgende alternatiewe beskikbaar met betrekking tot die ou masjien:

Alternatief 1: Los die masjien bloot waar dit gestoor word in die administratiewe kantoor. Die bestuurder het beraam dat die masjien 1% van die totale kantoorspasie opneem. Die vaste maandelikse huur van die kantoor kos R8 000 en daar is geen alternatiewe gebruik vir die spasie wat die masjien in beslag neem nie.

Alternatief 2: Skenk die masjien aan 'n liefdadigheidsorganisasie. Vervoer van die masjien na die organisasie sal Laslap (Edms) Bpk R1 000 kos.

VRAAG 4 – SENSITIWITEITSONTLEDING (5 punte)

ONAFHANKLIKE DEEL A

Blackminton (Edms) Bpk vervaardig stylvolle swart pluimbalrakette.

Die 2014-markaanvraag vir die produk is as volg beraam:

Vraag	Waarskynlikheid
40 000 rakette	5%
60 000 rakette	15%
80 000 rakette	40%
100 000 rakette	30%
140 000 rakette	10%


Blackminton (Edms) Bpk pas 'JIT' toe en vervaardig daarom rakette soos en wanneer hul benodig word.

Vaste koste vir 2014 is as R3 600 000 begroot en die grensinkomsteverhouding is 25%. Die verkoopprijs per raket is R400.

ONAFHANKLIKE DEEL B

Astrid's Action Teambuilding (Edms) Bpk verskaf Gautengse besighede met gefasiliteerde spanbou aktiwiteite. Die maatskappy oorweeg die uitbreiding van sy besigheid na Mpumalanga of die Vrystaat (VS). Die uitbreiding sal nie lei tot enige toename in vaste koste nie. Die begrote grensinkomste is R1 400 000, maar dit sal verander indien bestuur besluit om die besigheid uit te brei.

Bestuur het begin om 'n besluitnemingsboom vir hierdie besluit op te stel:



* Sien nota volgende bladsy

* 'n 30% waarskynlikheid bestaan dat die hoofmededinger van die maatskappy ook na die Vrystaat sal uitbrei indien Astrid's Action Teambuilding (Edms) Bpk besluit om na die Vrystaat uit te brei.

WERKOPDRAG 03/2013 (Eerste semester):

Verwys asseblief na die inligting in Vraag 1 om (1) – (5) te beantwoord.

1. Watter begrotingsmetode vereis dat aktiwiteite wat koste veroorsaak, gebruik word om die hulpbronne wat vir die begrotingstydperk benodig word, te beraam?
 - (1) Aktiwiteitsgebaseerde begroting
 - (2) Veranderlike begroting
 - (3) Nulbasisbegroting
 - (4) Tradisionele inkrementele begroting

2. Wat sal die begrote kontant invorderings wees in, April 2013?
 - (1) R272 000
 - (2) R212 000
 - (3) R48 000
 - (4) R5 000

3. Wat sal die begrote kontant invorderings van kredietverkope wees in, Junie 2013?
 - (1) R160 000
 - (2) R464 000
 - (3) R580 000
 - (4) R944 800

4. Wat sal die totale begrote kontant invorderings van kredietverkope wees vir die tydperk April tot Junie 2013?
 - (1) R760 000
 - (2) R944 800
 - (3) R1 181 800
 - (4) R1 144 000

5. Wat sal die begrote saldo vir rekeninge ontvangbaar wees op 30 Junie 2013?
- (1) R680 000
 - (2) R640 000
 - (3) R850 000
 - (4) R944 800

Verwys asseblief na die inligting in Vraag 2 om (6) – (10) te beantwoord.

6. Bereken die aantal ure gewerk
- (1) 30 406 ure
 - (2) 30 300 ure
 - (3) 26 000 ure
 - (4) 27 500 ure
7. Bereken die grondstof aankoopprysafwyking
- (1) R2 152 ongunstig
 - (2) R2 152 gunstig
 - (3) R10 665 gunstig
 - (4) R10 665 ongunstig
8. Bereken die grondstof hoeveelheidsafwyking
- (1) R26 360 gunstig
 - (2) R26 360 ongunstig
 - (3) R28 512 gunstig
 - (4) R28 512 ongunstig
9. Bereken die arbeidsdoeltreffendheidsafwyking
- (1) R126 452 gunstig
 - (2) R123 980 ongunstig
 - (3) R123 410 ongunstig
 - (4) R126 452 ongunstig

10. Bereken die veranderlike vervaardigingsbokostebestedingsafwyking
- (1) R55 500 ongunstig
 - (2) R56 560 gunstig
 - (3) R55 500 gunstig
 - (4) R27 500 ongunstig

Verwys asseblief na die inligting in Vraag 3 om (11) – (15) te beantwoord.

11. Watter verkoopsmengsel van groot en klein komberse moet gebruik word om die begroting vir volgende jaar op te stel sodat begrote wins gemaksimeer kan word? (Rond u bewerkinge af tot twee desimale plekke.)
- (1) 792 klein komberse en 306 groot komberse
 - (2) Geen (0) klein komberse nie en 306 groot komberse
 - (3) 8 100 klein komberse en 21 600 groot komberse
 - (4) 396 klein komberse en 612 groot komberse
12. Wat is die minimumprys wat aanvaar kan word vir die waslapbestelling (in totaal)?
- (1) R31 000
 - (2) R20 000
 - (3) R50 000
 - (4) R61 000
13. Indien die administratiewe werker nie tyd beskikbaar sal hê om die projek te bedryf nie en die dienste van 'n kontrakwerker vir hierdie projek verkry sal moet word teen R70 per uur (10 ure in totaal), sal die minimumprys wat vir die waslapbestelling aanvaar kan word, verander na:
- (1) R20 700
 - (2) R50 700
 - (3) R60 300
 - (4) R31 700

14. Neem aan dat die waslapbestelling nie aanvaar word nie. Die gedeelte van die maandelikse huur wat aan die stoor van die masjien toegedeel kan word ($R8\ 000 \times 1\% = R80$) is:
- (1) 'n Geleentheidskoste
 - (2) 'n Inkrementele koste
 - (3) 'n Vermybare koste
 - (4) Irrelevant tot die besluit tussen alternatiewe 1 en 2
15. Neem aan dat die waslapbestelling nie aanvaar word nie. Die keuse van alternatief twee sal mees waarskynlik wees as gevolg van:
- (1) Minder geleentheidskoste as vir alternatief 1
 - (2) Hoër inkrementele inkomste geassosieer met alternatief 2
 - (3) Kwalitatiewe of langtermynfaktore
 - (4) Meer verpligte koste as met alternatief 1

Verwys asseblief na die inligting in Vraag 4 om (16) – (20) te beantwoord.

16. In vraag 4, deel A, is die verwagte waarde van die vraag na rakette in 2014:
- (1) 80 000 rakette
 - (2) 87 000 rakette
 - (3) 120 000 rakette
 - (4) 85 000 rakette
17. In vraag 4, deel A, is die individuele uitkoms wat die grootste kans het om plaas te vind:
- (1) Vraag na 80 000 rakette
 - (2) Vraag na 87 000 rakette
 - (3) Vraag na 120 000 rakette
 - (4) Vraag na 85 000 rakette

18. Aanvaar begrote vraag na 87 000 rakette en werklike vraag na 92 000 rakette. Indien vaste koste, veranderlike koste per raket en verkoopprijs ooreenstem met die begrote syfers in vraag 4, deel A, wat sal die toename of afname in die veiligheidsgrensverhouding vanaf begroot na werklik wees (rond die veiligheidsgrensverhouding af tot twee desimale plekke):
- (1) 'n Absolute toename van 5 000 eenhede
 - (2) 'n Relatiewe toename van 9,8%
 - (3) 'n Absolute afname van ongeveer 2,25%
 - (4) 'n Relatiewe toename van ongeveer 3,8%
19. Uit 'n kwantitatiewe oogpunt, watter een van die volgende stellings is verkeerd met betrekking tot vraag 4, deel B?
- (1) Onafhanklik van na watter een van die twee provinsies Astrid's Action Teambuilding (Edms) Bpk uitbrei, sal netto wins toeneem en daarom is enige uitbreiding beter as geen uitbreiding.
 - (2) Die voorwaardelike grensinkomste geassosieer met uitkoms 3 is 1,0.
 - (3) Uitbreiding na Mpumalanga sal lei tot die hoogste verwagte grensinkomste van die drie alternatiewe en is daarom die mees geskikte besluit vir Astrid's Action Teambuilding (Edms) Bpk.
 - (4) Die verwagte grensinkomste geassosieer met uitbreiding na Mpumalanga is R1 554 000.
20. Neem aan dat Astrid's Action Teambuilding (Edms) Bpk besluit om na die Vrystaat uit te brei gebaseer op kwalitatiewe faktore en dat die hoofmededinger besluit om nie na die Vrystaat uit te brei nie. Wat sal die verwagte waarde van die grensinkomste wees (geweege grensinkomste)?
- (1) R1 503 180
 - (2) R424 400
 - (3) R1 078 980
 - (4) R1 541 400

WERKOPDRAG 01/2013 (TWEEDE SEMESTER): MEERVOUDIGE KEUSE-VRAE (verplichtend)

Instruksies:

- Vir hierdie werkopdrag moet u **Onderwerpe 1 – 4** bestudeer.
- Die indiening van die **verpligte** Werkopdrag 01/2013 sal bewys dat u 'n aktiewe student is en en daarom verkry u ook daardeur toelating tot die eksamen.
- Punte toegeken aan Werkopdrag 01/2013 tel 25% van u jaarpunt.
- Die indieningsdatum vir hierdie werkopdrag is **7 Augustus 2013** en **geen uitstel sal vir die indiening van die werkopdrag verleen word nie.**
- Hierdie werkopdrag moet op die merkleesblad soos voorsien, voltooi word. Verwys asseblief na **myStudies @ Unisa** vir hoe 'n merkleesblad gebruik en voltooi moet word.
- Onthou asseblief om die unieke nommer van die werkopdrag op die merkleesblad in te vul. Die unieke nommer vir hierdie werkopdrag is **291885**.
- Indiening van hierdie werkopdrag impliseer dat u die verklaring in Bylaag A tot hierdie Studiebrief maak.

VRAAG 1 – KOSTEBEGRIPPE EN -SKATTING (5 punte)

ONAFHANKLIKE DEEL A

Casey Cases (Edms) Bpk vervaardig reistasse en het die volgende kostedata verskaf (soos begroot vir die finansiële jaar geëindig 30 April 2013, tensy anders gespesifiseer):

Grondstowwe

Bandmateriaal	R6 per tas
Buitenste en binneste materiaal	R18 per tas
Metaalraam en knippe	R39 per tas
Handvatsels	R17 per tas

Dit is nie koste-effektief om die koste van garing (nie ingesluit in die bostaande komponentkoste nie; begroot as R24 000 in totaal vir die jaar) na die individuele tasse toe te deel nie.

Arbeid

Salaris van die fabriekstoeshouer	R200 000 per jaar
Lone van tydelike werkers wat tasse monteer	R54 per tas

Ander vervaardigingsbokoste

- Vaste huurkoste van fabriek en toerusting R60 000 vir die jaar
- Semi-veranderlike instandhoudingskoste van eie masjinerie vir die **vorige** finansiële jaar (werklike syfers):

Maand	Produksie (tasse)	Bedrag (R)
Mei	2 200	27 450
Junie	1 500	22 400
Julie	1 400	21 800
Augustus	1 800	24 675
September	1 900	25 190
Oktober	2 050	26 390
November	2 100	26 720
Desember	1 950	25 660
Januarie	2 400	28 800
Februarie	2 100	26 600
Maart	2 150	27 100
April	2 300	28 000

Rekeningkundige dienste

R3 500 per maand

Addisionele inligting:

- Begin- en eindvoorraad word begroot op R0 vir elk van die maande in die jaar geëindig 30 April 2013.
- Geen veranderinge in veranderlike masjinerie instandhoudingskoste per tas, die vaste gedeelte van masjinerie instandhoudingskoste of die aantal eenhede verkoop vir die jaar in geheel, word verwag nie.

ONAFHANKLIKE DEEL B

Aucamp Automotives (Edms) Bpk diens motorvoertuie. Die volgende inligting is van toepassing op die Basiese Diens, 'n algemene diens wat die maatskappy lewer met betrekking tot 'n verskeidenheid fabrikate en modelle:

Huidige finansiële jaar:

Verkope (1 500 Basiese Dienste)	R1 650 000
Grensinkomsteverhouding	30%
Vaste koste	R130 000

Komende finansiële jaar:

- Dit word verwag dat die verkoopshoeveelheid vir die komende finansiële jaar dieselfde sal wees as in die huidige finansiële jaar. Aucamp Automotives (Edms) Bpk beplan om die prys gehef per Basiese Diens, met 5% in die komende finansiële jaar te verhoog.
- Geen veranderinge in veranderlike koste per Basiese Diens of vaste koste word verwag nie.

VRAAG 2 – VERANTWOORDING VAN GRONDSTOF, ARBEID EN BOKOSTE (5 punte)**ONAFHANKLIKE DEEL A – GRONDSTOF EN ARBEID**

Die pakhuisbestuurder van Golf Galore benodig 'n kosterekenmeester om hom te help om sin te maak van 'n paar belangrike berekeninge wat hy gemaak het.

Hy het reeds bereken dat die Ekonomiese Bestelhoeveelheid van produk X 1 000 eenhede per bestelling is. Hy kan egter nie onthou wat die houkoste per eenheid was nie. Jaarlikse verkope van produk X was 5 000 eenhede in totaal. Die koste per bestelling vir produk X is R200.

Die verwagte vraag na 'n nuwe produk, produk Y, sal 325 eenhede 'n week wees, en die koste om elke bestelling te plaas, is R600. R5 per eenheid van produk Y sal aangegaan word vir diefstal- en brandversekering en R3 vir elektrisiteit- en hanteringskoste per eenheid.

Neem aan dat Golf Galore 50 werksweke in 'n jaar het en dat hul verwagte pakhuisuur R750 000 per jaar is.

Mnr. Geoffrey Golf is die pakhuisbestuurder by Golf Galore. Die volgende inligting is beskikbaar aangaande sy vergoeding vir een week in die jaar: (U kan aanneem dat die vergoeding konstant sal bly regdeur die jaar)

Normale werksweek	42 ure
Normale loon	R80 per uur
Oortydure	12 ure, per ooreenkoms
Oortydtarief	Tyd en 'n half
Werknemersbydraes:	
Pensioen	7,5% van normale loon
Mediese fonds	R68
WVF	1% van bruto vergoeding
LBS	18% van belasbare inkomste
Werkgewersbydraes:	
Pensioen	8% van normale loon
Mediese fonds	R84
WVF	1% van bruto vergoeding

Die senior personeel van Golf Galore verdien R120 per uur. Golf Galore se senior personeel bedryf 'n 5-dag, 42-uur week. Elke senior personeellid is geregtig op jaarlikse verlof van 5 werksweke, en 'n bonus (nie-gewaarborg) gelykstaande aan drie weke se normale betaling.

Daar is jaarliks 12 betaalde openbare vakansiedae wat binne werksweke val. Ledige tyd toegelaat is gelyk aan 8% van beskikbare kloktyd vir hierdie senior personeellede. Die **jaarlikse** werkgewersbydrae (gebaseer op 50 werksweke) aan die mediese fonds is R12 000 per senior personeellid. Die werkgewersbydrae aan die pensioenfonds is 15% van die basiese loon (ingesluit vakansiebetaling) en die WVF-bydrae is 1% van bruto loon (ingesluit vakansiebetaling).

ONAFHANKLIKE DEEL B – BOKOSTE

Kreatiewe Koekies BK het hul kosterekenmeester van die volgende inligting verskaf:

	R
Toegedeelde vervaardigingsbokoste	101 000
Werklike vervaardigingsbokoste	101 560
Koste van verkope	850 679

Die kosterekenmeester benodig u hulp met Vraag 2(9).

ONAFHANKLIKE DEEL C – BOKOSTE

Speelgrond Bpk vervaardig speelgoed. Die proses behels twee produksieafdelings, Wiggles en Giggles, en twee diensafdelings, Rap en Zap.

Die begrote vervaardigingsbokostebesteding vir die jaar geëindig 31 Augustus 2013 is as volg:

	R
Gehaltebeheer	200 000
Geboueversekering	140 000
Kantien	120 000
Indirekte grondstowwe	30 000

Die maatskappy maak van die volgende basisse gebruik om hul vervaardigingsbokoste tussen die verskeie afdelings toe te deel:

	Wiggles	Giggles	Rap	Zap
Inspeksie-ure	200	180	50	70
Vloerarea - m ²	600	400	300	100
Aantal werknemers	70	60	40	30
Begrote direkte arbeidsure	8 400	3 500	-	-
Werklike direkte arbeidsure	7 900	3 800	-	-
Indirekte grondstowwe – direk	18 000	7 000	1 000	4 000

Addisionele inligting:

Diensafdelings se koste word toegedeel aan produksie- en diensafdelings op die volgende basisse en in die volgende volgorde:

Eerste	Zap	Wiggles: 40%; Giggles: 40%; Rap 20%
Tweede	Rap	Vloerarea - m ²

Bokostetoedelingstariewe word op direkte arbeidsure gebaseer

VRAAG 3 – EIEU EN GEWEEGDEGEMIDDELDE (5 punte)

Perfection Pens (Edms) Bpk bied die volgende inligting aan u oor 'n sekere populêre pen vir die maand van September 2013:

Datum	Transaksiebesonderhede	
September		
1	Beginvoorraad	100 penne @ R2,50 elk
3	Aangekoop	600 penne @ R2,65 elk
7	Uitgereik	450 penne aan produksie
8	Faktuur ontvang	250 penne @ R2,80 elk, ingesluit vragkoste
9	Teruggestuur	40 penne aangekoop op 3 September, terug na die verskaffer
11	Aangekoop	270 penne @ R2,70 elk
13	Uitgereik	580 penne aan produksie
15	Aangekoop	350 eenhede @ R2,30 elk; vragkoste van R70 is vir hierdie bestelling betaal
20	Uitgereik	150 penne na produksie
25	Teruggestuur	20 oortollige penne vanaf die fabriek terug na die store

Neem asseblief kennis dat spesiale eienskappe in die fabriek aan die aangekoopte penne toegevoeg word, wat hierdie penne uniek maak.

VRAAG 4 – DIREKTE- EN ABSORPSIEKOSTEBEREKENING (5 punte)

Picadura (Edms) Bpk vervaardig en verkoop 'n enkele produk. Die volgende kostedata is beskikbaar vir 2012 (werklik) en 2013 (begroot):

	2012	2013
	R	R
Veranderlike koste per eenheid:		
Vervaardiging	30,00	33,00
Verkoopskoste	3,00	4,50
Vaste koste per maand:		
Vervaardigingskoste	315 000	367 500
Verkoops- en administratiewe koste	245 000	270 000

Produksie- en verkoopsdata in eenhede vir 2012 (werklik) en 2013 (begroot) is as volg:

	Produksie	Verkope
2012:	26 250	22 500
2013:	24 500	26 500

Addisionele inligting:

1. Daar is geen beginvoorraad met die aanvang van 2012 nie.
2. Die waarde van die begrote eindvoorraad aan die einde van 2013 is R57 750.
3. Die verkoopprijs per eenheid is R65 vir 2013 (2012: R55).

WERKOPDRAG 01/2013 (Tweede semester):

Verwys asseblief na die inligting in Vraag 1 om (1) – (5) te beantwoord.

1. Watter een van die volgende stellings is waar met betrekking tot vraag 1, deel A?
 - (1) Oor die langtermyn sal huur van die fabriek en toerusting veranderlik word.
 - (2) Indien enige tasse onverkoop gebly het aan die einde van die vorige finansiële jaar (30 April 2012), sou die koste aangegaan in die vervaardiging van hierdie tasse na verwys kon word as verstreke koste op 30 April 2012.
 - (3) Die salaris van die fabriekstoesighouer sal 'n termynkoste wees.
 - (4) Die vaste vervaardigingskoste van die maatskappy sal hoër wees indien meer tasse vervaardig word binne die toepaslike interval.

2. In vraag 1, deel A, is die begrote veranderlike instandhoudingskoste per tas wat gebruik moet word vir Maart 2013:
 - (1) R12 000
 - (2) R9 800
 - (3) R15 050
 - (4) R7

3. In vraag 1, deel A, is die totale begrote omskeppingskoste vir die finansiële jaar geëindig 30 April 2013:
 - (1) R3 665 900
 - (2) R1 715 900
 - (3) R3 623 900
 - (4) R3 195 900

4. In vraag 1, deel B, is die begrote aantal Basiese Dienste wat Aucamp Automotives (Edms) Bpk moet verskaf om 'n wins van ten minste R300 000 vir die komende finansiële jaar te verdien:
 - (1) 1 241
 - (2) 1 142
 - (3) 1 117
 - (4) 1 303

5. In vraag 1, deel B, sal die (begrote) veiligheidsgrens met betrekking tot Basiese Dienste vir die komende finansiële jaar wees (vir hierdie spesifieke vraag, gebruik die gelykbreekpunt in **eenhede** in u berekeninge en **nie** die gelykbreekpunt in **waarde nie**):
- (1) 77,47%
 - (2) 1 106 Basiese Dienste
 - (3) 1 162 Basiese Dienste
 - (4) 73,73%

Verwys asseblief na die inligting in Vraag 2 Deel A om (6) – (8) te beantwoord.

6. Bereken die houkoste per eenheid van produk X en die Ekonomiese Bestelhoeveelheid vir produk Y van Golf Galore onderskeidelik.
- (1) produk X: R2 per eenheid; produk Y: 1 561 eenhede
 - (2) produk X: R10 per eenheid; produk Y: 403 eenhede
 - (3) produk X: R100 per eenheid; produk Y: 1 067 eenhede
 - (4) produk X: R2 per eenheid; produk Y: 1 232 eenhede
7. Bereken Mnr. Geoffrey Golf se weeklikse netto loon. Rond u antwoord af tot die naaste Rand.
- (1) R3 624
 - (2) R3 658
 - (3) R3 613
 - (4) R3 479
8. Bereken die begrote arbeidsverhalingsstarief per werksuur vir die senior personeellede van Golf Galore
- (1) R197,01
 - (2) R186,48
 - (3) R182,26
 - (4) R194,06

Verwys asseblief na die inligting in Vraag 2 Deel B om (9) te beantwoord.

9. Moet die koste van verkope-rekening gedebiteer of gekrediteer word met die bedrag van bokoste oor- of ondertoegedeel?
- (1) Gekrediteer met R560 oortoegedeelde bokoste
 - (2) Gedebiteer met R560 ondertoegedeelde bokoste
 - (3) Gedebiteer met R560 oortoegedeelde bokoste
 - (4) Gekrediteer met R560 ondertoegedeelde bokoste

Verwys asseblief na die inligting in Vraag 2 Deel C om (10) te beantwoord.

10. Bereken die begrote bokostetoedelingstarief vir afdeling Wiggles en afdeling Giggles onderskeidelik. Rond u antwoord af tot die naaste Rand.
- (1) Wiggles: R35; Giggles: R56
 - (2) Wiggles: R35; Giggles: R50
 - (3) Wiggles: R33; Giggles: R61
 - (4) Wiggles: R40; Giggles: R60

Verwys asseblief na die inligting in Vraag 3 om (11) – (15) te beantwoord.

11. Indien die ouditeure 'n verrassingsvoorraadtelling op 13 September 2013 gehou het, hoeveel eenhede van die penne sou hulle verwag om te vind?
- (1) 150 penne
 - (2) 190 penne
 - (3) 50 penne
 - (4) 90 penne
12. Bereken die totale waarde van ontvangtes van voorraad vir die maand van September 2013 deur gebruik te maak van die EIEU-metode van voorraadwaardasie.
- (1) R3 682
 - (2) R3 788
 - (3) R3 894
 - (4) R3 764

13. Bereken die totale waarde van uitreikings van voorraad vir die maand van September 2013 deur gebruik te maak van die geweegegemiddelde-metode van voorraadwaardasie. Rond deurlopend tot 3 desimale af in u bewerkinge.
- (1) R3 140,61
 - (2) R3 034,61
 - (3) R3 089,33
 - (4) R3 863,61
14. Bereken die waarde van voorraad op 30 September 2013 deur gebruik te maak van die EIEU-metode van voorraadwaardasie.
- (1) R930,67
 - (2) R866,00
 - (3) R929,00
 - (4) R863,61
15. Bereken die waarde van voorraad op 30 September 2013 deur gebruik te maak van die geweegegemiddelde-metode van voorraadwaardasie. Rond deurlopend tot 3 desimale af in u bewerkinge.
- (1) R930,67
 - (2) R920,00
 - (3) R879,39
 - (4) R950,01

Verwys asseblief na die inligting in Vraag 4 om (16) – (20) te beantwoord.

16. Watter een van die volgende verteenwoordig **nie** 'n produkke onder die absorpsiemetode van kosteberekening nie?
- (1) Vaste verkoops- en administratiewe koste
 - (2) Direkte grondstowwe
 - (3) Direkte arbeid
 - (4) Vaste vervaardigingskoste

17. Die waarde van die begrote eindvoorraad (R57 750) aan die einde van 2013 is bereken deur gebruik te maak van:
- (1) Geweegdegemiddelde-metode: absorpsiemetode van kosteberekening
 - (2) Geweegdegemiddelde-metode: direkte metode van kosteberekening
 - (3) Eerste-in-eerste-uit-metode: absorpsiemetode van kosteberekening
 - (4) Eerste-in-eerste-uit-metode: direkte metode van kosteberekening
18. Die waarde van die begrote eindvoorraad aan die einde van 2013 vir finansiële rekeningkunde-doeleindes (onder IFRS) is (neem aan dat die maatskappy die geweegdegemiddelde-metode gebruik):
- (1) R57 750
 - (2) R84 000
 - (3) R82 606
 - (4) R80 515
19. Die begrote netto wins voor belasting volgens die direkte metode van kosteberekening vir die 2013 finansiële jaar indien Picadura (Edms) Bpk gebruik maak van die **geweegdegemiddelde-metode** van voorraadwaardasie, is:
- (1) R100 000
 - (2) R82 356
 - (3) R101 803
 - (4) R72 500
20. Die begrote netto wins voor belasting volgens die absorpsiemetode van kosteberekening vir die 2013 finansiële jaar indien Picadura (Edms) Bpk gebruik maak van die **geweegde gemiddeldemetode** van voorraadwaardasie, is:
- (1) R100 000
 - (2) R82 356
 - (3) R101 803
 - (4) R72 500

WERKOPDRAG 02/2013 (TWEEDE SEMESTER): GESKREWE VRAE (verplichtend)***Instruksies:***

- Vir hierdie werkopdrag moet u **Onderwerpe 1 – 8** bestudeer.
- Punte toegeken aan Werkopdrag 02/2013 tel 50% van u jaarpunt.
- Die indieningsdatum vir hierdie werkopdrag is **4 September 2013** en **geen uitstel sal vir die indiening van die werkopdrag verleen word nie.**
- Onthou asseblief om die unieke nommer van die werkopdrag op die voorblad van u antwoord aan te dui. Die unieke nommer vir hierdie werkopdrag is **227114**.
- Indiening van hierdie werkopdrag impliseer dat u die verklaring in Bylaag A tot hierdie Studiebrieff maak.

VRAAG 1 – KOSTEBEGRIPPE EN -SKATTING (10 punte)

Die volgende inligting is verkry uit die rekeningkundige rekords van Manie's Machines (Edms) Bpk vir die finansiële jaar geëindig 31 Mei 2013:

Maand	Aantal masjiene vervaardig	Semi-veranderlike vervaardigingsbokoste
Junie	80	528 000
Julie	81	538 000
Augustus	77	510 000
September	95	620 000
Oktober	88	577 000
November	87	571 000
Desember	91	597 000
Januarie	96	627 000
Februarie	85	558 000
Maart	87	571 000
April	85	561 000
Mei	92	601 000

VERLANG:

Gebruik die kleinste kwadraat-metode om die totale begrote semi-veranderlike vervaardigingsbokoste vir Junie 2013 te bereken indien Manie’s Machines (Edms) Bpk begroot vir 98 masjiene om vervaardig te word in Junie 2013. Gebruik die volgende formules en rond u antwoorde vir a en b tot twee desimale af:

$$\Sigma xy = a\Sigma x + b\Sigma x^2 \dots\dots\dots ①$$

$$\Sigma y = an + b\Sigma x \dots\dots\dots ② \qquad \qquad \qquad 10)$$

VRAAG 2 – VERANTWOORDING VAN GRONDSTOF, ARBEID EN BOKOSTE (10 punte)

ONAFHANKLIKE DEEL A – GRONDSTOF EN ARBEID

Textbook Terrific is besig om hul begroting vir 2013 op te stel en wil TOPCIMA-handboeke aan studente verkoop. Die maatskappy benodig ‘n kosterekenmeester om hul te help met ‘n paar belangrike berekeninge.

Die verwagte vraag na die handboeke sal 5 000 handboeke per maand wees, en die koste om elke bestelling te plaas is R399 per bestelling. Die hanteringskoste van een van hierdie handboeke is R5 per jaar. ‘n Handboek afgelewer by Textbook Terrific se sentrale pakhuis, kos R500 per handboek. Die maatskappy leen fondse teen ‘n rentekoers van 6% om voorraad te finansier.

Die verwagte pakhuishuur van Textbook Terrific is R500 000 per jaar.

VERLANG:

- (a) Bereken die Ekonomiese Bestelhoeveelheid vir Textbook Terrific van TOPCIMA-handboeke. (4)

ONAFHANKLIKE DEEL B – BOKOSTE

Private Practice (Edms) Bpk het 2 produksieafdelings, Alpha en Bravo, en 2 diensafdelings, Charlie en Delta.

Die **begrote** vervaardigingsbokoste vir die jaar vir die verskillende afdelings is as volg (gemeet in Rande; die primêre toedeling is alreeds gedoen):

	Alpha	Bravo	Charlie	Delta
Begrote vervaardigingsbokoste	500 000	300 000	200 000	150 000

Meer inligting oor die afdelings word hieronder gegee:

	Alpha	Bravo	Charlie	Delta
Vloerarea - m ²	500	300	200	150
Aantal werknemers	75	25	10	5
Begrote direkte arbeidsure	8 000	9 000	-	-
Werklike direkte arbeidsure	7 500	9 500	-	-

Addisionele inligting:

Private Practice se diensafdelings se koste word toegedeel aan produksie- en diensafdelings op die volgende basisse en in die volgende volgorde:

Eerste	Delta	Vloerarea – m ²
Tweede	Charlie	Aantal werknemers

Bokostetoedelingskoerse word op direkte arbeidsure gebaseer.

VERLANG:

- (b) Bereken die begrote bokostetoedelingskoers vir afdeling Alpha. Rond u antwoord af tot die naaste Rand. (6)

VRAAG 3 – EIEU EN GEWEEGDEGEMIDDELDE (10 punte)

Light Publishing (Edms) Bpk verskaf aan u die volgende inligting aangaande die verkope van 'n sekere strokiesprenteboek, vir die maand van Oktober 2013:

Datum	Transaksiebesonderhede	
Oktober		
1	Beginvoorraad	500 eenhede @ R8,00 elk
3	Aangekoop	480 eenhede @ R7,40 elk, vragkoste van R192 is vir hierdie bestelling betaal
5	Teruggestuur	80 eenhede aangekoop op 3 Oktober, terug na die verskaffer
7	Uitgereik	500 eenhede na produksie
10	Teruggestuur	20 eenhede vanaf die fabriek na store

VERLANG:

- (a) Stel 'n voorraadgrootboekkaart op en bereken die waarde van voorraad op 10 Oktober 2013 deur gebruik te maak van die EIEU-metode van voorraadwaardasie. (5)
- (b) Stel 'n voorraadgrootboekkaart op en bereken die waarde van voorraad op 10 Oktober 2013 deur gebruik te maak van die geweegegdegemiddelde-metode van voorraadwaardasie. (5)

Rond deurlopend tot 3 desimale af in u bewerkinge.

VRAAG 4 – DIREKTE- EN ABSORPSIEKOSTEBEREKENING (15 punte)

Thathe.com (Edms) Bpk vervaardig en verkoop 'n enkele produk. Die produk verkoop teen R40 per eenheid. Produksie- en verkoopsdata vir Junie en Julie 2013, die eerste twee maande van bedrywighede, is as volg:

	Produksie	Verkope
Junie	30 000	26 000
Julie	30 000	34 000

Kostedata vir die produk is as volg:

	R
Veranderlike koste per eenheid (nota 1)	25
Vaste koste per maand:	
Vervaardigingskoste	240 000
Verkoops- en administratiewe koste	180 000
	<u>420 000</u>

Notas

1. Veranderlike koste per eenheid sluit veranderlike verkoopskoste van R3 per eenheid in.
2. Die state van wins en verlies en ander omvattende inkomste wat vir eksterne verslagdoening voorberei is, word hieronder aangebied:

	Junie	Julie
	R	R
Verkope	1 040 000	1 360 000
Min: Kostes van verkope	780 000	1 020 000
Beginvoorraad	-	120 000
Huidige vervaardigingskoste	900 000	900 000
Goedere beskikbaar vir verkoop	900 000	1 020 000
Min: Eindvoorraad	120 000	-
	<hr/>	<hr/>
Brutowins	260 000	340 000
Min: Verkoops- en administratiewe koste	258 000	282 000
Netto wins voor belasting	<u>2 000</u>	<u>58 000</u>

VERLANG:

- (a) Bereken die eenheidsprodukkoste met behulp van:
 - (i) Absorpsiemetode van kosteberekening (2)
 - (ii) Direkte metode van kosteberekening (1)
- (b) Stel die begrote staat van wins en verlies en ander omvattende inkomste vir die maand geëindig 31 Julie 2013, op deur gebruik te maak van die direkte metode van kosteberekening. (10)
- (c) Rekonsilieer die verskil in netto wins voor belasting vir die maand geëindig 31 Julie 2013 volgens die twee metodes. (2)

VRAAG 5 – AGK-KOSTEBEREKENING (15 punte)

Winter (Edms) Bpk vervaardig 3 unieke produkte, Ys, Koue en Sneeu. Die volgende beraamde inligting is beskikbaar vir die jaar geëindig 30 September 2012:

Vervaardigingsbokostes:

	R
Weervoorspellingskoste	5 000
Verpakkingskoste	3 000
Bestelkoste	800

Koste- en bedryfsinligting:

	Ys	Koue	Sneeu
Totale aantal weervoorspellings	10	16	24
Totale aantal afleverings	25	27	8
Totale aantal bestellings	20	13	17
Produksie en verkope (eenhede)	1 500	1 000	2 000
Direkte grondstof (koste per eenheid)	R8	R4	R3
Direkte arbeid (koste per eenheid)	R2	R6	R9

VERLANG:

- (a) Bereken die aktiwiteitskoerse vir weervoorspellings, verpakking en bestelling. (3)

Gebruik die volgende formaat vir u antwoord:

Aktiwiteite	Bokoste	Totale kostedrywer	Aktiwiteitskoers
Weervoorspellings	R5 000		
Verpakking	R3 000		
Bestelling	R 800		

- (b) Bereken die totale vervaardigingskoste vir produk Ys, Koue en Sneeu onderskeidelik. (Gebruik u antwoord in (1) en rond af tot twee desimale plekke regdeur die vraag). (12)

Gebruik die volgende formaat vir u antwoord:

	Ys	Koue	Sneeu
	R	R	R
Direkte grondstof			
Direkte arbeid			
Weervoorspellingskoste			
Verpakkingskoste			
Bestelkoste			
Totale vervaardigingskoste			

VRAAG 6 – TAAKKOSTEBEREKENING (15 punte)

Chinaman (Edms) Bpk vervaardig drie tipes loophulpmiddels op 'n bestelbasis. Die volgende bestellings is ontvang:

Krukke	500
Stappers	200
Kniestappers	80

Die volgende transaksies hou verband met die maand van Julie 2013:

	Krukke R	Stappers R	Kniestappers R	Totaal R
Bedrae ingesluit by die Werk-in-prosesrekening: 1 Julie 2013:				
Direkte grondstowwe	19 120	-	15 000	49 120
Direkte arbeidskoste	14 000	-	21 200	45 200
Toegedeelde bokoste	28 800	-	25 540	54 340
Direkte grondstof uitgereik gedurende Julie	41 080	114 000	160 000	373 580

Direkte arbeidsure gewerk gedurende Julie:

Krukke	750 ure
Stappers	1 000 ure
Kniestappers	800 ure

Addisionele inligting:

1. Direkte arbeidskoste per uur is R80.
2. Fabrieksbokoste word toegedeel teen 'n direkte arbeidskostetarief van 120%.
3. Werklike fabrieksbokoste aangegaan, het R280 000 beloop.
4. Chinaman (Edms) Bpk voeg 'n 20% winsmarge op koste by vir elke verkoopstransaksie.
5. Die volgende hou verband met die vervaardiging en verkoop van loophulpmiddels:

	Produksie-eenhede	Verkoopseenhede
Krukke	500	150
Stappers	200	100
Kniestappers	50	-

VERLANG:

- (a) Bereken die bruto wins vir Krukke en Stappers. (9)
- (b) Bereken die koste van werk-in-proses vir Kniestappers. (4)
- (c) Bereken die oor- of ondertoedeling van totale bokoste. (2)

VRAAG 7 – PROSESKOSTEBEREKENING (15 punte)

Stiekie (Edms) Bpk vervaardig bousement in 'n enkele proses en gebruik 'n proseskostestelsel. Die volgende inligting is beskikbaar vir Junie 2013:

	Eenhede
Werk-in-proses (begin)	120 000
- Persentasie voltooi - 60%	
Nuwe eenhede in produksie geplaas gedurende die huidige maand	450 000
Voltooi	400 000
Werk-in-proses (eind)	150 000
- Persentasie voltooi - 30%	

Addisionele inligting:

1. Verspilling vind plaas wanneer die proses 80% voltooi is.
2. Stiekie (Edms) Bpk pas die EIEU-metode van voorraadwaardasie toe.
3. Grondstowwe word aan die begin van die proses toegevoeg.
4. Omskepping vind gelykmatig regdeur die proses plaas.
5. Normale verliese word beraam op 2% van die eenhede wat die verspillingpunt bereik.
6. Kostedata is soos volg:

	R
Werk-in-proses (begin)	
Grondstof	726 500
Omskepping	813 900
In Junie 2013	
Grondstof	2 873 000
Omskepping	4 634 500

VERLANG:

- (a) Stel die hoeveelheidstaat vir Junie 2013 op. (8)
- (b) Stel die produksiekostestaat vir Junie 2013 op. (3)
- (c) Neem aan dat die Randwaarde van die normale verlies in terme van **omskepping** R79 766 is.
Dui aan hoe die R79 766 toegedeel sal word vir doeleindes van die kostetoewysingstaat (wenk: die kostetoewysingstaat as sulks is nie gevra nie – die toedelings**berekening** is wat verlang word). (4)

VRAAG 8 – GESAMENTLIKE EN NEWEPRODUKTE (10 punte)

Bizza sjokolades vervaardig twee sjokoladeprodukte wat verder verwerk word in Semi-Soet (SS) en Bitter-Soet (BS) sjokolades vanaf kakaobone ingevoer uit Oos-Afrika.

Die data hieronder gegee, hou verband met Julie 2013:

	Produksie Eenhede	Verkope Eenhede	Verkoopprijs R per kg
Semi-Soet (SS)	3 000 kg	2 800 kg	210,00
Bitter-Soet (BS)	5 500 kg	5 000 kg	237,50

Addisionele inligting:

1. Totale invoerkoste en verwerkingskoste van kakaobone tot by die verdeelpunt is R750 000.
2. Skeibare koste van verdere verwerking van sjokolades na Semi-Soet (SS) en Bitter-Soet (BS) is R280 000 en R360 000 onderskeidelik.
3. Die doelwit-brutowins % vir Semi-Soet (SS) is 40%.

VERLANG:

- (a) Berei die staat van wins en verlies en ander omvattende inkomste voor vir Julie 2013 indien gesamentlike koste toegedeel word volgens die volgende metodes:
- (i) Fisiesehoeveelhede-metode (4)
 - (ii) Balanserende kosteberekeningsmetode (konstante brutowins %) (6)

Rond alle bedrae af tot die naaste **Rand**

WERKOPDRAG 03/2013 (TWEEDE SEMESTER): MEEVOUDIGE KEUSE-VRAE (verplichtend)

Instruksies:

- Vir hierdie werkopdrag moet u **Onderwerpe 9 – 12** bestudeer.
- Punte toegeken aan Werkopdrag 03/2013 tel 25% van u jaarpunt.
- Die indieningsdatum vir hierdie werkopdrag is **2 Oktober 2013** en **geen uitstel sal vir die indiening van die werkopdrag verleen word nie.**
- Hierdie werkopdrag moet op die merkleesblad soos voorsien, voltooi word. Verwys asseblief na **myStudies @ Unisa** vir hoe 'n merkleesblad gebruik en voltooi moet word.
- Onthou asseblief om die unieke nommer van die werkopdrag op die merkleesblad in te vul. Die unieke nommer vir hierdie werkopdrag is **167421**.
- Indiening van hierdie werkopdrag impliseer dat u die verklaring in Bylaag A tot hierdie Studiebrieff maak.

VRAAG 1 – BEGROTINGSTEGNIEKE (5 punte)

Masana (Edms) Bpk versprei 'n krui vanaf die Vhembe streek van Limpopo. Die volgende inligting vir Mei en Junie (werklik) en Julie tot Augustus 2013 (begroot) is beskikbaar.

	R
Mei	200 000
Junie	240 000
Julie	320 000
Augustus	480 000
September	256 000

Uit industrie-ervaring het die maatskappy geleer dat 25% van 'n maand se verkope ingevorder word in die maand van verkope, 60% word ingevorder in die maand wat volg op verkope en 10% word ingevorder in die tweede maand na verkope. Die res is oninvorderbaar.

Begrote voorraadaankope en bedryfskoste:

	Vorraadaankope	Verspreidings- & ander uitgawes
	R	R
Julie	192 000	143 000
Augustus	230 000	128 000
September	140 000	139 000

Addisionele inligting:

1. Voorraadaankope word ten volle betaal in die maand wat volg op aankope. Mei en Junie se aankope was R160 000 en R144 000 onderskeidelik.
2. Verspreidings- en ander uitgawes sluit R10 000 se depresiasie per maand in.
3. Meubels ter waarde van R10 000 sal kontant aangekoop word gedurende Julie.
4. Die maatskappy moet 'n minimum kontantsaldo van R20 000 hou aan die einde van elke maand.
5. Oortrokke fasiliteit van R40 000 is beskikbaar vanaf ACE bank. Rente is 10% **per jaar** en is betaalbaar in die volgende maand.
6. Masana (Edms) Bpk het 'n gunstige openingsaldo vir bank van R27 000 op 1 Julie 2013.

VRAAG 2 – STANDAARDKOSTEBEREKENING (5 punte)

Perfect Pitch Piano (Edms) Bpk vervaardig 'n enkele produk en maak gebruik van 'n standaardkosteberekeningstelsel. Die volgende inligting is verkry uit die kosteverslag vir Augustus 2013:

Grondstof aankoopprysafwyking (ongunstig):	R23 000
Grondstof hoeveelheidsafwyking (ongunstig):	R77 000
Koste van grondstof aangekoop en verbruik:	R800 000
Standaardkoste van grondstof per eenheid:	2kg @ R70 per kg
Produkte vervaardig en verkoop (eenhede):	5 000
Standaard direkte arbeidskoste:	3ure @ R40 per uur
Werklike arbeidsure gewerk:	13 500
Arbeidstariefafwyking (ongunstig):	R27 000

VRAAG 3 – RELEVANTE KOSTEBEREKENING (5 punte)

Imishini (Edms) Bpk vervaardig swaarmasjinerie vir die mynbedryf. Die toerusting waarmee die masjinerie vervaardig word, kan slegs vir 101 ure per maand werk (instandhouding van die toerusting neem die res van die maand op).

Imishini (Edms) Bpk verwag om 96 eenhede van masjien Alpha (elke eenheid vereis 10 ure se vervaardigingstoerustingtyd) en 144 eenhede van masjien Beta (elke eenheid vereis 8 ure se vervaardigingstoerustingtyd) te kan verkoop in die mark volgende jaar. Die volgende inligting is ook beskikbaar:

- Elke Alpha kan verkoop word teen R120 000, terwyl die verkoopprys van 'n enkele eenheid Beta R140 000 is.
- Direkte grondstof beloop R30 000 per eenheid van Alpha en R20 000 per eenheid van Beta.
- Direkte arbeid beloop R50 000 per eenheid van Alpha en R62 000 per eenheid van Beta.
- Indirekte arbeid beloop R80 000 per maand vir die hele werkswinkel.
- Depresiasie op die toerusting beloop R120 000 per maand.
- Veranderlike vervaardigingsbokoste beloop 'n totaal van R5 000 vir elke Alpha en R6 000 vir elke Beta (uitgesluit, veranderlike water- en elektrisiteitskoste).
- Water en elektrisiteit van die fabriek sluit 'n vaste heffing van R50 000 per maand in, plus R13 000 per masjien vervaardig.
- Imishini (Edms) Bpk het ou grondstowwe in die stoor wat geen verdere gebruik het in die vervaardigingsprosesse nie en R100 per maand kos vir die veilige stoor daarvan op die Imishini-perseel.

Oorspronklik het hierdie grondstowwe R50 000 gekos. Die maatskappy het 'n omgewingsdeskundige gehuur wat die algehele impak op die omgewing geassesseer het as ekwivalent vir alternatiewe 3 en 4 hieronder (die koste van die assessering het R1 200 beloop). Aanvaar dat hierdie twee alternatiewe ook ekwivalent is met betrekking tot kwalitatiewe en ander langtermynfaktore.

Die volgende alternatiewe aksies is beskikbaar (bestuur het reeds besluit dat die grondstof van die perseel verwyder sal moet word):

Alternatief 1: Stort die grondstowwe op die naaste stortingsterrein teen 'n vervoerkoste van R1 000.

Alternatief 2: Brand die grondstowwe teen geen (monetêre) koste vir die maatskappy nie.

Alternatief 3: 'n Eties aanvaarbare alternatief wat die entiteit kon identifiseer. Verkoop hierdie grondstowwe vir R5 000 aan 'n maatskappy wat die grondstowwe verantwoordelik hergebruik in 'n vervaardigingsproses. Vervoerkoste van hierdie grondstowwe na die koper sal Imishini (Edms) Bpk R6 200 kos.

Alternatief 4: Die enigste ander eties aanvaarbare alternatief wat die maatskappy kon identifiseer. Betaal R3 500 om hierdie grondstowwe chemies te behandel en verantwoordelik weg te gooi deur 'n afvalbestuursmaatskappy, sodat hierdie grondstowwe nie skadelike gasse in die omgewing sal vrystel nie.

VRAAG 4 – SENSITIWITEITSONTLEDING (5 punte)**ONAFHANKLIKE DEEL A**

Prettiest Pots (Edms) Bpk vervaardig potte wat deur kwekerye gebruik word vir groot potplante.

Die 2014 markaanvraag na die produk is as volg beraam:

Vraag	Waarskynlikheid
30 000 potte	7%
55 000 potte	13%
72 000 potte	28%
101 000 potte	42%
113 000 potte	10%

Prettiest Pots (Edms) Bpk pas 'JIT' toe en vervaardig daarom potte op bestelling.

Vaste koste vir 2014 is begroot as R1 400 000 en die grensinkomsteverhouding is 35%. Die verkoopprijs per pot is R100.

ONAFHANKLIKE DEEL B


BookKing (Edms) Bpk verkoop inligtingstukke. Die maatskappy oorweeg om 'n tender in te dien om 'n plaaslike kliniek met 10 000 inligtingstukke te verskaf oor die voorkoming van hartsiektes. BookKing (Edms) Bpk het bereken dat sy beleid sal voorsiening maak om die spesifieke tender in te dien teen 'n tenderprijs (gekwoteerde totale verkoopprijs) van óf R31 250, óf R62 500. BookKing (Edms) Bpk mag ook besluit om nie enige tender in te dien vir die verskaffing van inligtingstukke aan die kliniek nie. Die algehele begrote wins vir die maatskappy vir die jaar is R140 000, maar dit sal verander indien bestuur besluit om 'n tender in te dien en die tender aanvaar word.

Indien die tender aanvaar word:

- Dit mag gebeur dat een of twee addisionele drukkers gehuur sal moet word vir die duur van die projek teen 'n koste van R1 000 per drukker.
- Ander inkrementele koste (uitgesluit die huur van drukkers) sal R25 000 beloop indien die tender aanvaar word.

Bestuur het begin om 'n besluitnemingsboom vir hierdie besluit op te stel:

Uitkomstnommer



Afkortings gebruik in die besluitnemingsboom hierbo:

TD = Tender word afgekeur (nie-aanvaar)

A = Tender word aanvaar

0P = Geen addisionele drukkers sal gehuur hoef te word nie

1P = Een addisionele drukker sal gehuur moet word

2P = Twee addisionele drukkers sal gehuur moet word

WERKOPDRAG 03/2013 (Tweede semester):

Verwys asseblief na die inligting in Vraag 1 om (1) – (5) te beantwoord.

1. Wat sal die begrote kontantinvorderings in Augustus 2013 wees?
 - (1) R120 000
 - (2) R336 000
 - (3) R312 000
 - (4) R288 000

2. Wat sal die totale begrote kontantinvorderings wees vir die periode Julie tot September 2013?
 - (1) R384 000
 - (2) R776 000
 - (3) R964 000
 - (4) R1 191 200

3. Wat sal die begrote bedrag wees wat geleen moet word om die minimum kontant saldovereistes aan die einde van Julie 2013 te handhaaf?
- (1) R36 000
 - (2) R20 000
 - (3) R40 000
 - (4) R16 000
4. Wat sal die begrote kapitaal- en rentebedrag (indien enige) wees wat betaal moet word aan ACE aan die einde van Augustus 2013?
- (1) R20 000 en R2 000
 - (2) R40 000 en R4 000
 - (3) R36 000 en R3 600
 - (4) R25 700 en R300
5. Wat sal die begrote kontant eindsaldo wees aan die einde van September 2013?
- (1) R20 000
 - (2) R45 000
 - (3) R34 614
 - (4) R33 670

Verwys asseblief na die inligting in Vraag 2 om (6) – (10) te beantwoord.

6. Bereken die totale grondstofafwyking
- (1) R100 000 gunstig
 - (2) R100 000 ongunstig
 - (3) R54 000 gunstig
 - (4) R54 000 ongunstig
7. Bereken die werklike hoeveelheid grondstof aangekoop
- (1) 10 000 kg
 - (2) 12 100 kg
 - (3) 11 100 kg
 - (4) 5 000 kg

8. Bereken die arbeidsdoeltreffendheidsafwyking

- (1) R54 000 gunstig
- (2) R60 000 ongunstig
- (3) R60 000 gunstig
- (4) R54 000 ongunstig

9. Bereken die werklike tarief betaal per arbeidsuur

- (1) R42
- (2) R49
- (3) R52
- (4) R40

10. Bereken die werklike koste van grondstof per kilogram vir Augustus 2013, indien dit aanvaar word dat 11 100 kg gedurende die maand aangekoop is en met inagnome van die aankoopprysafwyking.

- (1) R88
- (2) R72
- (3) R64
- (4) R78

Verwys asseblief na die inligting in Vraag 3 om (11) – (15) te beantwoord.

11. Watter verkoopsmengsel van masjiene Alpha en Beta moet gebruik word om die begroting vir volgende jaar saam te stel sodat begrote wins gemaksimeer kan word?

- (1) 96 eenhede van Alpha en 32 eenhede van Beta
- (2) 9 216 eenhede van Beta en 600 eenhede van Alpha
- (3) 144 eenhede van Beta en 6 eenhede van Alpha
- (4) 1 152 eenhede van Beta en 60 eenhede van Alpha

12. Nadat die begroting voorberei is, word Imishini (Edms) Bpk genader deur 'n splinternuwe eiendomsontwikkelingsmaatskappy wat 3 eenhede van masjien Alpha vereis (eenmalig alleenlik) en wat bereid is om 'n **totaal** van R355 000 vir die drie masjiene te betaal. Aanvaar Imishini moet verkope van drie ander Alphas verbeur om die aanbod te kan aanvaar, maar dat hulle R10 000 in totaal met betrekking tot vervaardigingsbokoste sal spaar. Watter een van die volgende besluite sal u aanbeveel aan die bestuur van Imishini (Edms) Bpk?
- (1) Moenie die aanbod aanvaar nie, maar maak 'n teen-aanbod van ten minste R360 000 in totaal
 - (2) Aanvaar die aanbod sonder om enige kwalitatiewe faktore in ag te neem
 - (3) Moenie die aanbod aanvaar nie, maar maak 'n teen-aanbod van ten minste R370 000 in totaal
 - (4) Aanvaar die bestelling, tensy kwalitatiewe/ander lantermynfaktore die aanbod onaanvaarbaar of nie-die-moeite-werd maak.
13. Aanvaar dat daar geen produksie beperkinge is nie en geen spesiale bestellings met betrekking tot die vervaardiging van masjinerie nie, terwyl die verwagte vraag onveranderd bly. Indien regulasies Imishini (Edms) Bpk toelaat om 'n maksimum van slegs 150 masjiene in **totaal** te verkoop, hoeveel eenhede van masjien Alpha moet Imishini (Edms) Bpk in hul verkoopsbegroting gebruik?
- (1) 150
 - (2) 6
 - (3) 0
 - (4) 96
14. Watter een van die alternatiewe aksies moet Imishini (Edms) Bpk neem met betrekking tot die onbruikbare grondstowwe?
- (1) Alternatief 1
 - (2) Alternatief 2
 - (3) Alternatief 3
 - (4) Alternatief 4
15. Die R50 000 koste van die ou materiaal is 'n voorbeeld van 'n:
- (1) Geleentheidskoste
 - (2) Gesonke koste
 - (3) Relevante koste
 - (4) Inkrementele koste

Verwys asseblief na die inligting in Vraag 4 om (16) – (20) te beantwoord.

16. In vraag 4, deel A, is die verwagte waarde van die vraag na potte in 2014:
- (1) 83 130 potte
 - (2) 42 420 potte
 - (3) 101 000 potte
 - (4) 74 200 potte
17. In vraag 4, deel A, is die individuele uitkoms wat die grootste kans het om plaas te vind:
- (1) Vraag na 101 000 potte
 - (2) Vraag na 113 000 potte
 - (3) Vraag na 83 130 potte
 - (4) Vraag na 74 200 potte
18. Aanvaar 'n begrote vraag van 83 130 potte en werklike vraag van 101 000 potte. Indien werklike vaste koste, veranderlike koste per pot en verkooppriese ooreenstem met die begrote syfers in vraag 4, deel A, sal die toename of afname in die veiligheidsgrensverhouding vanaf begroot na werklik wees:
- (1) 'n Relatiewe toename van 17 870 eenhede
 - (2) 'n Absolute toename van ongeveer 17,43%
 - (3) 'n Relatiewe toename van ongeveer 25,15%
 - (4) 'n Relatiewe toename van ongeveer 16,4%
19. Vanuit 'n kwantitatiewe oogpunt, watter een van die volgende stellings is verkeerd met betrekking tot vraag 4, deel B?
- (1) Dit is beter om 'n tender in te dien as geen tender nie, onafhanklik van of dit teen R31 250 of R62 500 ingedien word.
 - (2) Om 'n tender in te dien teen R62 500 sal lei tot die hoogste verwagte wins van die drie alternatiewe en sal daarom die mees geskikte besluit wees vir BookKing (Edms) Bpk.
 - (3) Die voorwaardelike grensinkomste geassosieer met uitkoms 5, is 1,0.
 - (4) Die verwagte wins geassosieer met die indien van die tender teen R62 500, is R151 070.

20. Aanvaar BookKing (Edms) Bpk besluit om 'n tender in te dien teen R62 500 en dit word aanvaar deur die kliniek, maar een addisionele drukker moet gehuur word. Wat sal die voorwaardelike wins wees?

- (1) R176 900
- (2) R176 500
- (3) R35 300
- (4) R29 050

9 ANDER ASSESSERINGSMETODES

Daar is geen ander assesseringsmetodes vir hierdie module nie.

10 EKSAMEN

'n Eksamen van twee ure sal geskeduleer word vir hierdie module. Die eksamen tel 100 punte en die **hele sillabus (al twaalf onderwerpe) is eksamineerbaar.**

'n **Maksimum** van 20% van die eksamenpunte kan meervoudige keuse-vrae wees. Die oorblywende punte sal in die vorm van gekrewe vrae wees.

Alhoewel meervoudige keuse-vrae in u werkopdragte 1 en 3 slegs een punt elk tel, mag 'n meervoudige keuse-vraag in die eksamen meer as een punt tel gebaseer op die eksaminatore se skatting van die tyd wat die spesifieke vraag behoort te neem.

Vir algemene eksamenriglyne en eksamenvoorbereiding, verwys asseblief na u **myStudies@Unisa**-brosjyre.

Neem asseblief kennis dat u toelating tot die eksamen verkry deur u eerste werkopdrag betyds in te dien. Vir meer inligting, verwys ook terug na afdeling 8 hierbo.

Vorbereiding vir die eksamen

Wanneer u besig is met hersiening en voorbereiding vir die eksamen, word dit aanbeveel dat u:

- Elke studie-eenheid in detail hersien met behulp van u gedetailleerde opsommings.
- Poog om die werkopdragte/vrae asof onder eksamentoestande te beantwoord (**gee noukeurige aandag aan tydsbestuur!**) en u antwoorde te vergelyk met die oplossings wat verskaf is.
- Poog om omvattende en betekenisvolle antwoorde tot die addisionele oefeninge en vrae aan die einde van die relevante studie-eenhede in u studiegids te gee.

11 VRAE WAT GEREELD GEVRA WORD

myStudies @ Unisa-brosjyre bevat 'n A-Z gids met die mees relevante studie-inligting.

12 BRONNE GERAADPLEEG

Nie van toepassing.

13 SLOT

Ons vertrou dat u die MAC2601-reis saam met ons sal geniet en dat u nuwe kennis, insig en praktiese vaardighede sal verkry om u toekomstige studies en loopbaan te bevorder. Ons wens u die beste toe vir u studies!

14 BYLAAG

Bylaag A verskaf aan u die verklaring wat u maak deur die indiening van enige MAC2601-werkopdrag. Maak asseblief seker dat u vertrou is met die inhoud van die verklaring en voldoen aan al die vereistes daarin.

Bylaag A: Verklaring

Deur die indiening van enige MAC2601 werkopdrag, verklaar ek dat:

- Ek die Unisa-studente se Dissiplinêre Kode gelees het.
- Ek weet wat plagiaat is, dat plagiaat verkeerd is en dat dissiplinêre stappe teen my geneem kan word indien ek skuldig bevind word aan plagiaat.
- My werkopdragte vir MAC2601 is my eie werk.
- Ek het nie enige ander student toegelaat om my werk te kopieer nie.
- Ek weet dat, indien dit bevind word dat ek nie die vereistes van hierdie verklaring nagekom het nie, ek 0% vir die betrokke werkopdragte sal ontvang.

Let wel: U hoef nie die verklaring in te dien nie. Deur die indiening van enige MAC2601-werkopdrag, verklaar u outomaties dat u voldoen aan al die bogenoemde met betrekking tot die spesifieke werkopdrag.